# “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon”

## - ‘n Beantwoording van die besware teen gesange -

In opdrag van Sinode 2021



# Inleiding

"Laat vreug die HEER se huis deurbewe".

So sing ons in Psalm 98:3 (berymd). Laat die fondamente en mure van die kerk as 't ware skud wanneer ons sing! "Want groot is Isr'els Vors en HEER".

Wanneer ons hierdie beeld van vreug wat die kerk deurbewe met die geestesoog sien, sien ons oortuiging, diepe oorgawe, en volle betrokkenheid van die hele gemeente in die sang. Ons hoor een stem, en in ons harte is daar die sterk aanmoediging van mekaar tot hierdie groot opdrag om die lof van ons Drie-Enige God in sy volheid te besing.

Ongelukkig het die inhoud van die sang in ons kerke 'n saak geword van stryd en onmin die afgelope jare. Daar het verdeeldheid gekom, en die diskussie oor die inhoud van die lof aan God het 'n onderwerp geword wat ons eintlik maar eerder vermy. Die hele diskussie oor die inhoud van ons lof aan God het 'n diskussie geword "vir of teen gesange". En daardeur is daar 'n werklike gevaar dat een van die heel belangrikste funksies van die kerk (die lof op ons HERE) nie meer in sy volle breedte en diepte bespreek word nie.

Ons is oortuig dat ons almal die woord uit Kolossense 3:16 wil gehoorsaam: "*Laat die woord van Christus ryklik in julle woon*". Laat ons dan vanuit hierdie oortuiging die diskussie weer met mekaar voer. Ons het die woorde uit Kol. 3:16 die titel van die dokument gemaak in die hoop dat hierdie skrywe die kerke diensbaar sal wees om ook in ons sang die woord van Christus *ryklik* in ons te laat woon.

As deputate Liturgiese Musiek het ons die opdrag by Sinode 2021 gekry om antwoorde te formuleer teen die besware soos dit deur die jare teen die sing van gesange verwoord is. Ons het die publieke beswaarskrifte wat deur die jare aan kerkrade of sinodes geskryf is, deurgewerk, en daarna 'n lys gemaak van die besware. In hierdie dokument vind u die besware, 'n kort beskrywing van die beswaar, en dan daarna 'n antwoord op die beswaar.

Die lys van die besware dien basies as die inhoudsopgawe van hierdie dokument. Maar verder het ons ook 'n logiese lyn in die dokument probeer behou:

> In Beswaar 1 wys ons op die belangrikheid om ons te laat lei deur die Woord, en nie deur ons gevoelens nie.
>
> In Besware 2-4 wys ons op die belangrikheid om te sing oor God se volle heil, veral soos dit in Christus geopenbaar is.
>
> In Besware 5-6 beantwoord ons die vraag of ons dan nie oor hierdie volle heil kan sing in die Psalms nie.

In Beswaar 7-9 wys ons op die werk van die Gees in die kerk vandag, juis ook ten opsigte van ‘n Nuwe Testamentiese liedbundel.

In Beswaar 10-12 bespreek ons die saak of gesange dwaling is of tot dwaling lei.

Daarna kyk ons in Besware 13-15 na praktiese sake: sal die inbring van gesange die Psalms verdring, en het ons kriteria om die gesange te toets.

Aangesien die leser nie noodwendig die hele dokument gaan lees nie, maar dikwels net die antwoorde op sekere besware gaan lees, kon ons nie heeltemal daarvan wegkom om sekere dele van die antwoorde te herhaal nie. Meestal het ons egter net kortliks iets genoem, en dan verwys na die beswaar waar die saak meer uitvoerig bespreek word.

Soos ons genoem het, die funksie van die lof op ons HEER gaan oor veel meer as net “vir of teen gesange”. Ook al sou ons daaroor nog met mekaar verskil, laat ons in elk geval die groter saak waaroor dit gaan, weer saam raaksien. Ons doel in die beantwoording van die besware was juis ook om hierdie groter sig op ons lof aan die HERE duidelik te maak.

In ons antwoorde het ons ook probeer om die saak te plaas in die breër kerklike lewe, en hoe dit ook op ander sake in ons kerklike lewe betrekking het. Ons hoop dat die leser dit as opbouend ervaar.

Ons bede is dat hierdie dokument ons sal lei tot ‘n groter eenheid in die geloof asook tot ‘n voller lewe vanuit die geloof. Tot groter en voller lof aan Hom. Want juis in die Nuwe Testamentiese gemeente behoort die fondamente en mure van die kerk *nog meer* te skud soos ons vreugdelied opstyg. Immers, ons het die volheid gesien waaroor “die huis van die HEER” gaan, naamlik Jesus Christus. En ons het die Bron wat vreugde gee, nie met mate nie, maar in oorvloed ontvang: die Heilige Gees.

Vir ons as Nuwe Testamentiese kerk kry hierdie woord uit Psalm 98 ‘n nog dieper en ryker en voller kleur. Laat dit dan ook sigbaar en hoorbaar word in ons sang en lied.

“Laat vreug die HEER se huis deurbewe”.

Namens die deputate Liturgiese Musiek,

Marthie Breytenbach

Anita Kamphuis

Ds. J. Van der Linden

# Inhoudsopgawe

**Beswaar 1: Daar is nie ’n behoefte aan die sing van die gesange in die kerke nie.**

**Beswaar 2: Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16 se “psalms en lofsange en geestelike liedere” verwys almal na die Psalms, en daarom is dit onwettig om gesange in die erediens te sing.**

**Beswaar 3: Ons moet volkome lofoffers aan die Here bring, en daarom is slegs die geïnspireerde liedere geskik vir ons erediens.**

**Beswaar 4: In die Bybel staan dat ons net die beste in ons diens vir die Here moet gee. Laat ons daarom bly by die liedere wat die Here self geïnspireer het en in die Bybel vir ons gegee het (die Psalms).**

**Beswaar 5: Die Psalms getuig voluit van Christus, en ons het daarom nie die gesange nodig om oor Christus te sing nie.**

**Beswaar 6: Die Psalms sing reeds genoegsaam van “die meer” (die groter heerlikheid) van die nuwe verbond.**

**Beswaar 7: Die Gees lei nie meer die kerk in die waarheid nie, en daarom is Skriftuurlike gesange onmoontlik.**

**Beswaar 8: Om vir die Here ’n nuwe lied te sing beteken (slegs) dat dit herhaling is van ’n ou lied in ’n nuwe situasie.**

**Beswaar 9: As ons nog ander onderwerpe moet dek met ons liedere, laat ons dan nog Skrifberymings skryf en byvoeg en nie gesange kies nie.**

**Beswaar 10: Die sing van gesange is in teenstelling met die belydenis.**

**Beswaar 11: Gereformeerdes deur die eeue was nog altyd gekant teen gesange.**

**Beswaar 12: Die sing van gesange lei tot ’n dwalende kerk.**

**Beswaar 13: As ons eers die eerste gesange goedkeur, sal die hoeveelheid gesange later die Psalms oorspoel (dit gaan hier oor die getal gesange).**

**Beswaar 14: Die gesange sal die sing van die Psalms verdring (gaan hier oor praktyk in die liturgie).**

**Beswaar 15: Daar is nie duidelike kriteria waaraan die gesange getoets kan word nie.**

**Criteria and Principles of the Hymnal of the Free Reformed Churches of South Africa**

**Bylae: Voorbeelde van liedere uit die vroeë kerk**

## Beswaar 1: Daar is nie ’n behoefte aan die sing van die gesange in die kerke nie

Hierdie beswaar word ook weergegee met die woorde dat die saak nie leef in die kerke nie, en dat dit langs ’n vreemde weg op die sinodetafel gekom het.

Laat ons asseblief versigtig wees om sulke tipe woorde te gebruik in die kerk. Nog nooit het die kerk van Christus geleef vanuit wat ons voorgesê word deur behoeftebepalings nie. In die kerk is Christus *Heer*. Hý bepaal alles. Hy spreek deur sy Woord, en ons volg dit wat Hy ons leer. Hý bepaal wat wel en nie leef in die kerk.

Ten opsigte van die lied, leer Christus ons om die volheid te besing van die heil wat ons in Hom het. Wanneer Hy self kom om die oorvloedige rykdom van sy verlossing aan ons uit te deel in die prediking week na week, dan is die mees gepaste reaksie om in verwondering en dank los te bars met gejubel en lof aan hierdie grote God. En daarby hoort dan dat ons hierdie rykdom uit sy hand aanvaar en toeëien deur spesifiek hieroor te sing (dit is wat ons ook in die gebed ná die prediking doen). Die vraag is dus nie wat óns graag wil sing nie, maar: Kan ons met ons huidige versameling liedere die volheid besing en God antwoord op al die volheid wat Hy vir ons uitdeel in die prediking?

Dit is in hierdie lig dat die VGKSA Sinode 2011 die volgende riglyn vir ons liederebundel gekies het: Hoe kan ons die volle heil in Christus meer en meer besing, en watter onderwerpe word nie in ons huidige liederebundel (met die Psalms en Skrifberymings as basis) gedek nie? Slegs wanneer ’n onderwerp nog nie goed gedek word nie, gaan soek ons ’n gesang oor hierdie onderwerp.

As eerste beantwoording van die besware teen gesange is dit baie belangrik dat ons die volgende vraag in gedagte hou: Kan ons as kerke ons eie voorkeure en voorveronderstellings en selfs vrese toets aan die Woord van die Here, en in hierdie dinge ons laat lei deur Christus as ons Heer?

## Beswaar 2: Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16 se “psalms”, “lofsange” en “geestelike liedere” verwys almal na die Psalms, en daarom is dit onwettig om gesange in die erediens te sing

In die oorweging van die sing van gesange, moet ons dikwels werk met beginsels wat ons in die Skrif kry omdat daar nie baie direkte tekste oor die saak is nie. Twee van hierdie meer direkte tekste is Ef. 5:19 en Kol. 3:16. Daarom sal ons dit eerste bespreek.

Die beswaar voer dus aan dat al drie hierdie terme (“psalms”, “lofsange” en “geestelike liedere”) na die Psalms of Psalmbundel verwys, en dat Paulus daarmee die Psalmbundel aanwys as die liedbundel van die Nuwe Testamentiese kerk. Geeneen van die drie terme wys na die Nuwe Testamentiese lied nie.

Eerstens wil ons noem dat, indien so ’n interpretasie waar sou wees, Paulus hier dan baie eksklusief is en dat geen Nuwe Testamentiese lied in die erediens gesing moet word nie. Dit word redelik algemeen deur Skrifverklaarders aanvaar dat daar ook bestaande liedere in die Nuwe Testament self opgeneem (of deur die Bybelskrywers gemaak) is (1 Tim. 3:16; Kol. 1:15-20; Fil. 2:6-11[1] ens.). Dit sou baie vreemd wees as die Bybelskrywers self liedere gemaak of opgeneem het in die Nuwe Testament, maar dat selfs hierdie liedere nie gesing mag word nie, en dat Paulus hier die beperking sou oplê tot die sing van die Psalms. So ’n interpretasie sou ook inhou dat ons nie Skrifberymings mag sing nie.

> Dit sou inkonsekwent wees om te sê dat Paulus hier eksklusief verwys na die Psalms *en* die Skriflied (liedere wat ons in die Skrif self vind). Dan verwys een van die drie woorde (“Psalms”, “lofsange”, “geestelike liedere”) immers ook na iets buite die Psalms, en dan val die eksklusiewe gebruik van die ander twee woorde (as eksklusief en slegs verwysend na die Psalms) ook weg. Immers, as al drie terme verwys na die Psalms (sien hieronder), maar een verwys na iets anders ook, dan kan die ander twee terme immers ook na meer as een saak verwys. Verder, as een van die woorde na die Nuwe Testamentiese Skriflied verwys, op watter manier beperk die woord self dan dat dit gaan oor ’n lied in die Skrif? Hoekom dan nie ook verdere Nuwe Testamentiese liedere nie?
>
> ’n Opsie sou wees om “geestelike liedere” te interpreteer as “liedere gemaak deur die Gees”, wat dan in ’n beperkte sig gesien sou kon word as “geïnspireer” deur die Gees. As dit vir Paulus hieroor gegaan het, sou hy dit baie duideliker kon stel. Verder kan ons ook moeilik sê dat die Gees nie meer besig was in die kerk in die tyd toe die Woord afgerond is nie. Sien verder Beswaar 7 vir ’n bespreking oor die Gees en die Nuwe Testamentiese lied.

Die argument van die beswaar is dat al drie hierdie terme (“psalms,” “lofsange,” en “geestelike liedere”) deur die Septuagint gebruik word om na sekere psalms te verwys. Die Septuagint is die Griekse vertaling van die Ou Testament wat dikwels deur die Nuwe Testamentiese skrywers gebruik word om die Ou Testament aan te haal. Dit maak dus sin om te kyk na hoe die Septuagint hierdie woorde gebruik het.

Ons moet egter onthou dat die Griekse woord vir “psalm” gebruik word om sewe Hebreeuse woorde in die Septuagint te vertaal. Dit word dus glad nie eksklusief gebruik om na die Psalmbundel te verwys nie. Die Septuagint gebruik hierdie woord “psalm” byvoorbeeld ook in ’n baie negatiewe konteks soos in Amos 5:23 (“geluid van jou harpe”). As ons hierdie vers in Amos lees as ’n vers met parallelle sinne (albei sinne wil basies dieselfde sê), soos die kommentare ook doen, dan wys dit duidelik dat die Hebreeuse woord vir “psalm” hier oor negatiewe liedere gaan. Die konteks maak dit ook verder baie duidelik. Vir alle duidelikheid: Dit gaan in Amos 5:23 nie oor die Psalms soos ons dit ken nie, maar die woord “psalm” word algemeen gebruik as ’n verwysing na ’n lied wat hier ’n negatiewe betekenis het. Hieruit sien ons dus dat die woord “psalm” nie altyd verwys na die Psalms of die Psalmbundel nie, selfs nie in die Ou Testament nie.

Verder word die ander twee terme (“lofsange”, “liedere”) in die Septuagint gebruik om onderskeidelik vyf en ses Hebreeuse woorde te vertaal.[2] Die term “liedere” is byvoorbeeld ’n baie algemene term in die dae van Paulus vir die verering van ’n godheid.[3] Die heiden Pliny gebruik byvoorbeeld ook hierdie woord in 109 AD in ’n brief aan keiser Trajanus en sê dan: “Christians met regularly before dawn on a

---

[1] G van Rongen, bl. 118.
[2] Hoehner, H. W. 2002. *Ephesians*, p. 708-709.
[3] Arnold, C. E. 2010. *Ephesians*, p353.

fixed day to chant verses alternately among themselves in honour of Christ as if to a god."[4] Hierdie woord word dan ook in die Nuwe Testament self gebruik vir 'n lied, byvoorbeeld in Open. 5:9.

Dit alles wys vir ons daarop dat ons 'n duidelike verbinding met die Psalms en die Skriflied sien in die gebruik van hierdie terme, maar dat dit glad nie alles so eenvormig is soos wat somtyds beweer word nie. Verder is dit belangrik dat ons besef dat die feit dat ons sien dat hierdie drie terme *in* die Psalmboek gebruik word, nog nie beteken dat al drie wys op die Psalmbundel *in sy geheel* nie. Die terme word ook buite die Psalmboek gebruik, beide in die Ou en Nuwe Testament. En indien Paulus die kerk werklik wou beperk tot die sing van die Psalmbundel, kon hy baie eenvoudig die term "tois psalmois" gebruik het.[5] Die verwysing na "psalm" staan hier in Efesiërs en Kolossense egter sonder die lidwoord ("tois"), en daardeur word dit 'n meer algemene woord. Verder, as Paulus dit so met die lidwoord geskryf het as verwysing na die Psalmboek, was die gebruik van die ander twee terme ook nie nodig nie.

Ons moet onsself inderdaad afvra wat die doel daarvan is dat Paulus hier drie terme ná mekaar gebruik. Kommentare op hierdie twee skrifgedeeltes maak dikwels die punt dat dit moeilik is om die onderskeid tussen hierdie woorde presies te bepaal. Hulle kom dan ook tot die gevolgtrekking dat Paulus nie as doel het om drie verskillende tipe liedere te omskryf nie. Eerder sien baie hierin 'n kenmerk van Paulus se skryfstyl waarin hy woorde ophoop om 'n oorvloed aan te dui. Dit is soos wanneer ons sou sê: Ons sing en juig en jubel tot eer van die Here. Hierdie drie terme wil dus op die veelheid en uitbundigheid van die lied wys. En hierdie "oorvloed" pas ook baie sterk in die konteks van albei tekste. By die een teks is die konteks die vervulling met die Gees (Ef. 5:18) en by die ander teks is dit die Woord wat *ryklik* in die gemeente moet woon (Kol. 3:16). Albei is kontekste van oorvloed, waarin so 'n opstapeling van woorde baie gepas is.

As dit dus kom by die vraag of die drie terme slégs (!) na die Psalms en die Psalmbundel verwys, dan is dit opvallend dat geeneen van die Gereformeerde kommentare wat ons nageslaan het oor beide Skrifgedeeltes (Bottenburg, CNT, Van Bruggen reeks, Korte verklaring, Hendriksen, Studiebijbel Deel 8[6]) in hierdie rigting wil gaan nie.[7]

Ook iemand soos Calvyn gaan nie in hierdie eksklusiewe rigting in sy kommentaar op hierdie twee Skrifgedeeltes nie. Sommige mense beweer dat Calvyn teen gesange was. Dan sou hierdie twee tekste vir hom belangrike gedeeltes wees om sy saak te stel. Enigiemand wat al Calvyn se kommentare of gedeeltes daarvan gelees het, weet byvoorbeeld dat Calvyn nie bang was om dinge aan te spreek in sy kommentare nie. In 'n konteks waar daar in die kerklike kringe rondom Calvyn dikwels die vrye lied gesing is, bly Calvyn egter baie algemeen in sy verklaring. In die verklaring van beide Ef. 5:19 en Kol. 3:16 plaas Paulus hierdie terme teenoor die nuttelose en leë en selfs onwelvoeglike liedere wat die wêreld in sy dronkenskap en dwaasheid sing. En dan sê hy in sy kommentaar op Kol. 3:16 oor hierdie terme: "*Under these three terms he [Paul] includes all kinds of songs. They are commonly distinguished in this way – that a psalm is that, in the singing which some musical instrument besides the tongue is*

[4] *The letters of younger Pliny,* 10.96.
[5] Verslag van Pretoria kerkraad aan die sinode, 2000.
[6] Ons het ook na ander betroubare kommentare gekyk, maar bostaande kommentare is die meer bekende kommentare wat altyd onder ons gebruik is.
[7] By Hendriksen sien ons dat hy hierdie opsie sterk oorweeg in sy vroeë kommentaar op Kolossense (1964), maar later in sy kommentaar op Efesiërs (1969) wys hy op 'n breëer interpretasie van hierdie terme.

*made use of; a hymn is properly a song of praise, whether it be sung simply with the voice or otherwise; while an ode contains not merely praises, but exhortations and other matters*."

In die lig van hoe gereformeerde Skrifverklaarders met hierdie tekste omgaan, kan ons vir seker nie groot konklusies aan hierdie drie terme verbind nie, soos byvoorbeeld dat gesange onskriftuurlik is. Die konteks van hierdie drie terme dwing ons eerder in die teenoorgestelde rigting. In Kol. 3:16 word die psalms, lofsange en geestelike liedere verbind aan die "woord van Christus". Die Skrifverklaarders wys daarop dat die uitdrukking "woord van Christus" verbind word aan die evangelie van Jesus Christus (Kol. 1:5) en die verborgenhede van Jesus Christus (Kol. 4:3). Dit gaan oor die Woord wat van Christus uitgaan en oor Christus handel.

Beide die breër konteks (die boek van Kolossense) en die nabye konteks van Kol. 3:16 maak baie duidelik dat die "woord van Christus" oor die groter heilswerklikheid en openbaring in Christus handel. In Kolossense word by uitstek gepraat oor geheimenisse wat nog nie in die Ou Testament bekend was nie, maar nou in Christus ʼn werklikheid geword het (Kol. 2:2–3). Dit sou nie sin maak nie dat Paulus in die hele boek die oortreffende heerlikheid van Christus probeer aantoon, maar dan hier die frase "woord van Christus" slegs laat verwys na die openbaring van Christus soos dit bekend was in die Psalms (en dat die terme "psalms", "lofsange" en "geestelike liedere" dus slegs na die Psalms sou verwys).
Die "woord van Christus" van Kol. 3:16 gaan juis oor hierdie skatte wat in Christus gevind en geopenbaar is. Die sang en lied waarvan hierdie teks praat word dus grootliks (nie eksklusief nie!) verbind aan die Nuwe Testamentiese heil in Christus.[8] Deur die direkte verbinding van die woord wat handel oor Christus se groot dade, en die sing van ons liedere, vra en lei hierdie teks ons na die sang en lied oor die heil en die groter heerlikheid van die nuwe verbond.

In dieselfde lyn sien ons ook hoe Paulus in Ef. 5:19 hierdie terme ("psalms", "lofsange" en "geestelike liedere") gebruik nadat hy gepraat het oor die oorvloed van die Nuwe Testamentiese bedeling. Hy roep die Efesiërs op om te leef vanuit die oorvloed van die Gees in Ef. 5:18 ("Word vervul met die Gees"), en ná die drie terme praat hy oor die belangrikheid dat die Efesiërs God die Vader *vir alles* dank in die Naam van onse Here Jesus Christus (Ef. 5:20). Ook in die gebruik van die drie terme in Ef. 5:19 wys die nabye en breë konteks ons op die groter heerlikheid van die Nuwe Testament waaroor gesing moet word. Hoe kan die gemeente hieroor stilbly nadat Paulus self in Ef. 1 in ʼn lofsang uitbreek: "Lofwaardig is die God en Vader van onse Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel ..."? (Ef. 1:3, 2020 Bybelvertaling).

Die drie terme ("psalms", "lofsange" en "geestelike liedere") is inderdaad moeilik om presies te omskryf. Maar die goue reël van skrifuitleg is om woorde ook in hulle konteks te verstaan, en daar is niks in die konteks wat enigsins daarop wys dat Paulus die gelowiges hier wil bind aan die Psalms en die heil soos dit besing word in die Ou Testament nie. Alles in die nabye en breë konteks wys ons eerder op die teenoorgestelde: dit gaan oor die volheid van die heil soos dit ryker en dieper in die nuwe verbond geopenbaar is in Christus en deur die Gees.

---

[8] Ons verstaan dat daar grammatikaal verskillende maniere is waarop hierdie vers gelees kan word. By elke moontlike opsie bly "die woord van Christus" egter die direkte konteks van die sang wat Paulus hier gebied.

Ons insiens wil Paulus met die gebruik van hierdie terme juis wys dat hierdie weg van die sing oor God se groot dade vanuit die Psalms voortgesit moet word, maar nou ook met liedere oor die volle heil in Christus, bewerk deur die Gees van God. Die term "geestelike liedere" kan immers ook verstaan word as liedere bewerk deur die Gees. En juis dit beteken dat dit nie maar net die saak van 'n geïnteresseerde individu of digter is nie, maar dat die kerk (waar hierdie Gees in sy volheid woon) met hierdie dinge moet besig wees.

Gehoorsaamheid aan hierdie twee tekste (Ef. 5:19 en Kol. 3:16) beteken dan ook dat ons, vir sover dit moontlik is, oor hierdie groter heerlikheid *moet* sing. Die opdrag is immers om God die Vader *vir alles* te dank in die Naam van Jesus Christus (Ef. 5:20).

(Sien verder ook Beswaar 5 en 6 wat handel oor of ons die heil in Christus genoegsaam vanuit die Psalms kan besing.

Sien verder Beswaar 7 wat handel oor die saak of die Gees ons ook vandag in die waarheid lei).

## Beswaar 3: Ons moet volkome lofoffers aan die Here bring, en daarom is slegs die geïnspireerde liedere geskik vir ons erediens

Die beswaar noem dat Israel lofoffers aan die Here moes bring wat bestaan het uit 'n dier sonder gebrek (Lev. 7:12-15). Die offer moes dus volmaak wees. Saam met hierdie lofoffers het Israel liedere gesing (bv. Psalm 100). Die slag van die offerdiere is afgeskaf omdat die volmaakte offer (Jesus Christus) gebring is. In die plek van die lofoffers het die "lofoffer van die lippe" gekom, wat ook volkome moet wees. Daarom moet ons bly by die liedere wat die Gees self vir ons gegee het in sy Woord.

Hierdie beswaar volg volledig die gedagtegang wat C. Trimp beskryf in *De Gemeente en haar liturgie,*[9] maar Prof. Trimp kom nie tot die gevolgtrekking dat ons slegs geïnspireerde liedere moet sing nie. Ons laat die outeur self aan die woord:

> Hebreërs 13:15: "Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely."
>
> Wat wil hierdie briefskrywer sê? Hy wys ons na Christus, deur wie ons ons offer moet bring. Christus het die brandoffer heeltemal gebring, dit was 'n "holocaust" – 'n offer wat heeltemal verteer is.
>
> Op grond daarvan mag en kan ons die Here bely, aanroep en loof. Ons doen dit in prosa, maar ons doen dit ook in sang. Dit is die offer wat God behaag.
>
> Die voortdurende offer van lof word aangesteek met die vuur wat eens ons Verlosser verteer het!
>
> Wat is die konkrete inhoud van die lofoffer? Dit kan so kort of wyd uitgedruk word as wat jy wil. Dit is die Nuwe Testamentiese weergawe van die ou lied:

[9] Trimp, C 1983. De gemeente en haar liturgie, bl. 83–89.

> *Die Here is God*
> *Hy het ons gemaak en ons is Syne.*
> *Want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.*

> Die Nuwe Testamentiese weergawe van hierdie lied vind ons in die Apostoliese Geloofsbelydenis. Ons vind dit ook in die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Maar nie minder nie vind ons ook hierdie weergawe in die lied van die kerk: hoe kan die stem van die mens nie op hierdie oomblik [noudat die werk van Christus voltooi is] tot sang verrys nie?[10]

Die Hebreërskrywer bring die belydenis van die gelowige en die lofoffer bymekaar (Heb. 13:15). Hierdie belydenis is die belydenis van die Naam en werk en wese van Christus. Daarom dat Prof. Trimp hierbo nie slegs die lied aan Heb. 13:15 verbind nie, maar juis ook ons belydenisskrifte. Laat ons weer die verbinding sien tussen die lied en die belydenis: in albei kry ons die opdrag om die volle heil in Christus te soek en te verwoord en in ons mond te neem. Ons het 'n belydenis wat een en al lof is, en 'n loflied vol belydenis.[11]

Eers ná Christus se offer aan die kruis kan die lofoffer se lied na waarheid gebring word. Want die lofoffer se lied *volg* op die volmaakte offer van die dier. Daarom dat Heb. 13:15 ook beklemtoon dat ons slegs ons loflied kan bring *deur Christus*. Dit beteken: op grond van die werk van Christus, in die Naam van Christus, in die besef dat elke woord wat ons sing, handel oor Christus se lewe en sterwe in ons plek. Ja, ons moet dit selfs so sterk verwoord: Hebreërs 13:15 leer ons dat ons liedere *los van Christus* geen lofoffer kan wees nie.

Dit is dan ook onmoontlik dat wanneer ons 'n psalm sing ons in ons gedagtes bly by 'n Ou Testamentiese lied, omdat dit toe eintlik nie eers moontlik was om 'n loflied te bring nie. God het dit slegs aanvaar met die oog op die werk wat Christus nog sou doen.

Die skrywer van die boek Hebreërs wil hierdie saak sterk beklemtoon. Hy plaas die woorde "deur Hom" (deur Christus) eerste in die sin. En dit is die manier waarop daar in die Grieks beklemtoon word. *Deur Hom! Slegs so! Buite Christus, geen lofoffer!* Daarom móét ons in die Psalms van Christus sing, en daarom móét ons psalmsang in alle opsigte gevul wees met wie Hy op aarde was en steeds is. Die Hebreërskrywer wil beklemtoon (en dit het die Reformatore ook almal teenoor Rome bly doen): Op grond van die een offer is geen offer meer nodig nie, behalwe die gelowige reaksie op daardie offer – ons lofoffer! En selfs daardie offer is slégs deur Christus moontlik.

In die een boek (Hebreërs) wat so sterk oor die volmaaktheid praat, word *alles* teruggebring na die offer en werk van Christus (bv. Heb. 10:14). Selfs ons reaksie op sy werk (ons lied) word onlosmaaklik verbind met Christus (Heb. 13:15). Ook wanneer ons die Psalms (geïnspireerde liedere!) op ons lippe neem, dan is daardie sang nie opsigself vir God aangenaam nie. Besef ons dit genoeg? Lei die woorde van ons psalmberyming of die manier waarop ons die Psalms sing, ons genoeg daarin om te besef dat die Persoon en werk van Christus sentraal moet staan in ons sang? Slegs deur Christus is die lofoffer vir God aangenaam – ja, 'n lieflike klank wat Hom diep verheug.

---

[10] Trimp, C 1983. De gemeente en haar liturgie, bl. 88.
[11] Sien oor hierdie saak byvoorbeeld ook J. Kamphuis, *Dogma's - wat doe je ermee?* (Haarlem: Vijlbrief,1988).

Buite Christus is daar geen lied meer vir ons oor nie en word alles ’n geraas.

Dit gaan hier dus nie oor die keuse vir die geïnspireerde liedere omdat hulle volmaak is nie. Ons beryming van die liedere is byvoorbeeld nie volmaak nie. Die erediens in die Ou Testament is nie volmaak nie (’n groot punt van die boek Hebreërs). Die Psalms self is nog nie die volheid nie. Ons as sangers is in ons sang ver van volmaak. *Maar Christus is in dit alles die Volmaakte deur wie ons ons lofoffer moet bring.* Dit is die groot kriteria vir ons lied wat ons uit hierdie saak van die lofoffer moet leer.

(Ons gaan nie hier weer die noodsaak om ook oor die volheid van die Nuwe Testamentiese heil te sing, herhaal nie. Dit het ons gedoen by Beswaar 2.)

## Beswaar 4: In die Bybel staan dat ons net die beste in ons diens vir die Here moet gee. Laat ons daarom bly by die liedere wat die Here self geïnspireer het en in die Bybel vir ons gegee het (die Psalms)

Net die beste vir die Here! Dit is ’n pragtige beginsel, en een wat ons met hart en siel moet nastreef in die erediens (ons sang, ons musiekbegeleiding, ons gebede, die prediking, ons offergawes, ons voorbereidings op die erediens, ons meditasie oor die boodskap ná die tyd ens.). Die HERE is waardig om ons beste te ontvang! Laat ons diep erns maak met al hierdie sake en met groot ywer hiermee besig wees.

Die argument van die beswaar is dat die Psalms (en ander tekste in die Skrif wat liedere is) deur God self geïnspireer is, dat dit God se eie woorde is, en daarom beter is as al die liedere wat ons ooit self kan skryf.

Dit is belangrik dat ons hier weer die aandag vra vir die feit dat die Sinode 2011 die Psalms as die basis en fondament van ons sangbundel bevestig het. Dit is die eerste wat ons daar beskryf het en vasgelê het. Dit is belangrik dat ons as kerke die pragtige en belangrike plek van die Psalms sien. Calvyn en Luther het groot en mooi woorde hieroor gesê, in navolging van Augustinus.

Ons sal nie hier verder ingaan op die groot waarde van die Psalms nie. Nie omdat die Psalms dit nie werd is nie, maar omdat dit nie die saak is waaroor daar verskille tussen ons is nie. Verder is dit ook vasgelê deur die Sinode 2011. Aan hierdie gemeenskaplike skat van die Psalms hou ons saam vas. Die beswaar gaan egter daaroor dat ons slégs die Psalms moet sing. Omdat God hulle self vir ons gegee het, is hulle die beste, en daarom moet ons slegs die Psalms (en ander tekste in die Skrif wat liedere is) sing.

Die vraag is egter of dit die enigste manier is waarop ons “die beste” moet beoordeel. Die woord “beste” herinner ons aan iets wat hoër en beter is as iets anders. Wanneer ons daardie konsep in die Skrif soek, is dit opvallend dat ons dan Heb. 8 vind. Hoor die vergelykende woorde hier in Heb. 8:6 (met bygevoegde beklemtoning):

> “Maar nou het Hy [Christus] ’n *voortrefliker* bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van ’n *beter* verbond wat op *beter* beloftes wettelik gegrond is.”

Die ou en die nuwe verbond word hier vergelyk, en die hele boek Hebreërs maak duidelik dat die nuwe verbond ver uitstaan bo die ou verbond. Vir alle duidelikheid: Die ou en nuwe verbond bly steeds een genadeverbond, en die wese van die verbond bly dieselfde. Tog staan die nuwe verbond uit bo die ou verbond. (Sien verder oor hierdie saak Beswaar 5 en 6)

Wanneer ons "beste" in hierdie lig gaan plaas, dan sien ons iets anders. Dan sien ons hoe, by die aanvaarding van sy roeping oor die Tweede Adam (Christus), uitgeroep word: "U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae" (Luk. 3:22). En Heb. 10 werk dan hierdie roeping uit. Die eerste erediens (Ou Testament) lei nie tot volmaaktheid nie (Heb. 10:14). Maar toe kom Christus in die wêreld om die wil van God te doen (Heb. 10:5-9). Sy gehoorsaamheid in ons plek is aanvaar, en dit volmaak die wat geheilig is (Heb. 10:10-14). Die Gees sal nou nog dieper sy werk doen sodat ons God ken en leef uit die vergifnis (Heb. 10:15-18).

Lees gerus die hele boek Hebreërs, wat begin met 'n vergelyking tussen die openbaring wat God in die Ou Testament gegee het en die heerliker openbaring wat Hy in sy Seun gegee het (Heb. 1:1-4). Die hele boek brei verder uit op hierdie tema. Christus word beskryf as soveel groter en heerliker as alles wat in die ou verbond gevind word. In die hele stryd van geloof waarin ons moet volhard, is Hy die Een op wie ons permanent ons oog moet hou, want Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof (Heb. 12:1-2). En dan eindig die boek met die bede dat God die gelowiges sal volmaak in elke goeie werk om daarmee God welbehaaglik te wees (Heb. 13:20-21). En hoe moet die gelowige met elke goeie werk God welbehaaglik wees? *Ons kry weer daardie twee woorde: Deur Christus (Heb. 13:21)*.

*God dui self aan wat die "beste" is wat Hy vir ons gegee het, naamlik sy Seun.* Dit is in Hom wat God 'n diepe vreugde (welbehae) het. En God het in ons 'n welbehae *omdat* ons leef in Hom en deur Hom.

Dit is nie ons doel om God se eie openbaring (die Psalms) hier *teenoor* sy Seun te plaas nie. Ons moet egter wel besef dat God ook self in sy openbaring verder kyk as die Psalms – ook ten opsigte van dinge wat nie in die Psalms geopenbaar is nie. (Weereens, vir 'n verdere bespreking hiervan, sien Beswaar 5 en 6). Dit is onmoontlik dat ons nie ook in ons lied duidelik en volledig sing oor hierdie "beste" wat God vir ons gegee het nie. Wanneer God sy hele hart aan ons in sy Seun openbaar, kan ons nie slegs bly sing oor 'n deel van daardie hartsopenbaring nie. As God vir ons duidelik wys waarin sy vreugde ("sy welbehae"!) lê, dan kan ons nie anders nie as om al ons aandag op Christus te rig.

*Nota: Indien ons Beswaar 4 sou handhaaf, sou ons ook die meeste van die Skrifberymings nie mog sing nie. Die meeste van hulle is nie deur God aan ons as liedere gegee nie.*

Uit hierdie diskussies (Besware 2-4) vloei logies die volgende sake: Sing ons dan nie in die Psalms reeds voluit van Christus en oor die volheid van sy werk nie? Ons beantwoord dit in die bespreking van twee Besware (nr. 5 en 6) wat nou verwant is, maar tog 'n eie fokus het.

En dan bring dit ons ook tot die vraag oor die belangrikheid daarvan om die Nuwe Testamentiese lied te sing (sien hiervoor Beswaar 7).

## Beswaar 5: Die Psalms getuig voluit van Christus, en ons het daarom nie die gesange nodig om oor Christus te sing nie

In hierdie antwoord wil ons veral fokus op die feit dat die Psalms van Christus getuig, en wat dit inhou. In die volgende antwoord wil ons dan veral let op die vraag of dit beteken dat ons nie ook Nuwe Testamentiese liedere moet sing nie.

Op die stelling dat die Psalms ook van Christus getuig, reageer ons volmondig met "Amen". Ons wil selfs so ver gaan om te sê dat as dit nie so was nie, dan moet ons nie die Psalms sing nie. Luther het die groot waarheid so mooi verwoord: Elke Skrifwoord getuig van Christus (sien Joh. 5:37-39, 2 Kor. 3:14-16 en nog baie ander Skrifgedeeltes) — ook elke Skrifwoord van die Psalms. En daarom sing ons in die Psalms van ons Verlosser en sy groot werk.

Dit is opvallend dat die Nuwe Testament die kerk wys hoe om Christus in die Ou Testament te sien. Ons sien 'n groot verskeidenheid van maniere waarop die Nuwe Testament dit doen. Dikwels is dit nie so eenvoudig om presies te verstaan wat en hoe die lyn getrek word nie. In elk geval veronderstel die Nuwe Testament nie dat die lesers/gemeentes dit alles self vinnig kon doen nie.
En natuurlik word dit ook glad nie in die Nuwe Testament sistematies uitgewerk hoe Christus in elke Psalm gesien moet word nie. Die skrywers het die Psalms betrek soos wat dit ingepas het by die argument wat hulle wou maak.
Daar is ook nie net een manier om Christus in elke Psalm te sien nie. Elke Psalm is deurdrenk van die getuienis oor Christus. Hy is immers die *Woord*! In Hom is *alle* beloftes ja en amen!

Ons psalmberymings is gemaak volgens die oorspronklike teks van die Psalms. Hier en daar sien ons 'n baie direkte verwysing na Christus in die Psalmboek, maar daar is eintlik redelik min van hierdie verwysings wat duidelik sigbaar is in die Psalmboek. As ons vandag sê dat die Psalms van Christus getuig, en dat ons dit so móét (!) sing, veronderstel ons dan nie dikwels te veel dat die gemeentelede self die lyn van die psalm na Christus kan trek nie? Elke bekwame predikant weet dat dit 'n groot worsteling is, selfs met baie studietyd tot ons beskikking, om die regte verbinding met die lewe van Christus te maak. Is dit iets wat ons mag verwag van gemeentelede as hulle binne 'n paar sekondes moet konsentreer op wat hulle in 'n versreël sing, en dan ook nog die lyn na Christus moet trek?

Die beginsel dat ons ook van Christus in die Psalms sing, is pragtig en belangrik om aan vas te hou. Maar ons moet ook eerlik kyk na wat by ons in die praktyk gebeur, en of ons voldoen aan God se groot doel met sy openbaring. In die praktyk gebeur dit soms meer dat ons die Psalms sing asof ons Israel in die Ou Testament is, en dit terwyl die volheid van hierdie Psalms verskyn het! As Gereformeerdes lê ons baie klem daarop dat ons die Skrif *Christosentries* moet lees. Laat ons dit dan ook so sing!

Ons insiens is hier steeds baie werk vir ons as kerke. Aan die een kant sal dit pragtig wees as ons in die beryming self kan sigbaar maak hoe die psalm van Christus getuig. 'n Ander, eenvoudiger weg is dat die liturg ons hierin voorgaan om dit vir ons te verduidelik voordat ons die psalm sing.

## Beswaar 6: Die Psalms sing reeds genoegsaam van "die meer" (die groter heerlikheid) van die nuwe verbond

Hier wil ons dus verder ingaan op dit wat ons reeds by Beswaar 5 begin bespreek het. Hierdie beswaar (soos verwoord hierbo) sê dan presies waaroor dit gaan: Indien die Psalms reeds genoegsaam van die nuwe verbond en sy heerlikheid sing, dan het ons inderdaad nie nodig om ook nog gesange te sing nie.

Die eerste wat ons moet besef, is dat ons as kerke in die praktyk reeds uitgespreek het dat bostaande nie waar is nie. Indien die Psalms genoegsaam die groter heerlikheid ("die meer") van die nuwe verbond sou besing, sou ons nie die Skrifberymings as 'n belangrike deel van ons sangbundel gesien het nie.

Verder, as die Psalms al genoegsaam van die nuwe verbond sing, hoekom het ons dan so 'n duidelike en uitgebreide Nuwe Testament nodig? Ons het 'n volledige Ou Testament (nie slegs die Psalms nie), en tog het God dit in sy wysheid goedgedink om ook 'n Nuwe Testament aan ons te gee.

Ons het reeds in die antwoorde op Besware 2-4 uitgebreid ingegaan op die noodsaak om oor die volle heil in Christus te sing. Daar is 'n volheid van die heil wat God in die nuwe verbond beskryf het, wat nie so duidelik in die ou verbond beskryf is nie. Dink net aan die aanroeping en lofprysing van God in sy Persone. Alhoewel die Vaderskap van God bekend is in die Ou Testament, is dit tog Christus wat ons die volheid daarvan leer wanneer Hy ons leer om God as "Vader" aan te spreek. En dink aan die intimiteit wat met so 'n dieper kennis van God gepaard gaan. In die Nuwe Testament leer ons om die drie Persone ook werklik op hierdie manier aan te roep en te besing. Dit is ook eers in die Nuwe Testament waar ons werklik die Drie-eenheid in hulle volle werking sien – 'n saak wat tot die diepste kern van ons geloof behoort (dink aan die sterk woorde aan die begin en einde van die Geloofsbelydenis van Athanasius). Verder kan ons dink aan temas soos ons eenheid met Christus ("in Christus" wees), die verseëling met die Heilige Gees ens. wat nie in die Psalms beskryf word nie.

Die feit dat die Psalms inderdaad van Christus getuig, is dus nie 'n rede dat ons geen ander liedere nodig het nie. Juis die feit dat ons die belangrikheid besef om van Christus in die Psalms te *moet* sing, moet ons dring tot die vraag: Sing ons wel oor die *volheid* van hierdie heerlike Heer en Verlosser as ons slegs die Psalms sing? Is dit werklik so dat die Psalms vir ons alles gee om die volheid van hierdie Christus te besing? En dan ook die volheid van die Vader en die Gees? Want dit is belangrik dat ons as kerk dringend besef dat dit ons taak is om die volheid van ons God te besing.

Die kerke het in die afgelope sinodes dan ook elke keer gesê dat ons die Psalmbundel as die basis van ons sangbundel handhaaf, en van daaruit verder gaan soek na liedere wat die rykdom in die nuwe verbond (wat nie reeds duidelik genoeg in die Psalms geopenbaar word nie) verwoord.

As verdere bewyse dat ons in die nuwe verbond wel 'n heerlikheid sien wat ons in die Ou Testament nog nie sien nie, gee ons graag twee aanhalings van Calvyn oor die verhouding van die ou en nuwe verbond. Calvyn sien vir seker die eenheid van die ou en nuwe verbond, maar tegelyk beklemtoon hy ook die groter heerlikheid van die nuwe verbond:

> "Hulle [die gelowiges in die Ou Testament se] kennis was maar duister en skraal, en as 't ware bedek met 'n sluier, as dit vergelyk word met dit wat ons vandag uit die evangelie het, waar

> Christus, die Son van geregtigheid, met volmaakte glans skyn, soos in die middel van die middag."
> (Calvyn in sy kommentaar op Hand. 2:17.)

In sy kommentaar op Kol. 2:9 maak Calvyn 'n vergelyking tussen God se openbaring in Christus (in die Nuwe Testament) en sy ander openbarings (bv. in die Ou Testament):

> "Want God het Homself dikwels aan mense geopenbaar, maar dit was net ten dele. In Christus, aan die ander kant, kommunikeer Hy Homself geheel en al aan ons. Hy het ook Homself toe anders aan ons geopenbaar, en dit was in figure, of deur krag en genade. In Christus, aan die ander kant, het Hy in sy wese aan ons verskyn."[12]

Ons moet die eenheid van die verbond beklemtoon (soos Calvyn), maar ook die duidelike groter heerlikheid van die nuwe verbond (soos Calvyn). Laat ons die "volmaakte glans" van hierdie Christus bestudeer, en God die volle eer gee wat Hom toekom!

(Oor die vraagstuk of ons dan eerder Skrifberymings as gesange moet kry om oor hierdie rykdom van die nuwe verbond te sing, sien Beswaar 9).

## Beswaar 7: Die Gees lei nie meer die kerk in die waarheid nie, en daarom is Skriftuurlike gesange onmoontlik

Ons het in Besware 2-4 die belangrikheid probeer wys om te sing oor God se volle heil, veral soos dit in Christus geopenbaar is. In Besware 5-6 het ons toe gewys dat dit nie genoegsaam is om dan slegs die Psalms te sing nie. Die saak bly dus: ons het die Nuwe Testamentiese lied nodig.

Hierdie beswaar hou in dat Joh. 16:13 vervul is in die tyd van die apostels. Joh. 16:13 sê: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei." Die beswaar sê dus dat hierdie woorde sy volle vervulling gevind het toe die Woord op skrif gestel is. En dus lei die Gees ons nie vandag meer in die waarheid nie. Ook nie om nuwe liedere te skryf nie.

Vir hierdie beswaar word dikwels verwys na Calvyn se uitleg van hierdie vers. Calvyn noem tereg dat dit hier gaan oor *die dissipels* wat in die waarheid van Christus gelei moet word, veral ook vir hulle taak om die Woord op skrif te stel. Die konteks wys dit gaan hier oor dinge wat nog nie vasgelê is tydens die Here Jesus se tyd op aarde nie (Joh. 16:12), en nou sal die Heilige Gees hierdie werk doen.[13]

In sy kommentaar op hierdie gedeelte wil Calvyn juis waarsku teen die gedagte dat die Gees *nuwe openbaringe* sal gee aan die kerk. Teenoor nuwe openbaringe, glo Calvyn wel baie sterk aan die *illuminasie* (verligting) deur die Gees wat steeds vandag plaasvind. In sy kommentaar op 1 Joh. 2:20 ("En julle het die salwing van die Heilige en weet alles") skryf hy:

---

[12] Sien ook Calvyn se Institusie, Deel 2.9.1-2 en W. De Greef (1984) se *Calvijn en het Oude Testament*.
[13] Vgl. F. W. Grosheide, *De brief aan die Hebreen en de brief aan Jakobus* (Amsterdam: H. A. Van Bottenburg, 1927), 376.

> "... die Apostel het hulle nie geleer asof hulle onkundig was en slegs met die eerste elemente van kennis bekend was nie, maar Hy herinner hulle aan dinge wat reeds bekend was, en Hy vermaan hulle ook om die vonke van die Gees ("sparks of the Spirit") op te wek, sodat 'n volle glans kan skyn in hulle ... want Hy (Jesus) is deur die Vader gesalf, om uit sy volheid 'n grootse oorvloed op ons te stort. Dit volg dus dat mense nie wys gemaak word deur die skerpsinnigheid van hulle eie verstand nie, maar deur die verligting van die Gees."

Calvyn noem dat Christus 'n grootse oorvloed op ons stort, en dat ons dit ontdek deur *die verligting van die Gees*. Ons ken Calvyn ook langer as vandag om te weet dat dit alles nie los van die bestudering van die Woord gebeur nie.

Dit is dus inderdaad so dat ons in die saak van die kerklied nie moet soek vir nuwe openbaringe deur die Gees nie. Dit beteken egter nie dat die kerk in al haar funksies niks meer het om te doen nie. Die kerk moet gaan leef uit die "grootse oorvloed" wat Christus aan haar skenk, en wat ons bestudeer in sy Woord.

Dat dit die lyn is waarin Calvyn dink, sien ons ook in sy kommentaar op Joh. 16:14 – net een vers nadat hy die kommentaar lewer dat God nie nuwe openbaringe aan ons gee nie (sien hierbo): "Niks word dus deur die Gees aan ons geskenk buiten Christus nie, maar Hy neem dit uit Christus, sodat Hy dit aan ons kan meedeel. Ons behoort dieselfde beskouing van sy leerstelling te neem; want Hy verlig ons nie om ons in die geringste mate van Christus weg te trek nie, maar om te vervul wat Paulus sê, naamlik dat *Christus vir ons wysheid gemaak is* (1 Kor. 1:30), en verder: *om die skatte te vertoon wat in Christus verborge is* (Kol. 2:3). In een woord: die Gees verryk ons met niks anders as die rykdom van Christus, sodat Hy sy heerlikheid in alles kan vertoon."

> Ons wil hier kortliks verder ingaan op die vraag of ons steeds vandag kan praat oor die kerk se leiding van die Gees in die waarheid, ook al het Joh. 16:13 vir seker hoofsaaklik betrekking op die apostels. Dieselfde Calvyn wat by Joh. 16:13 niks wil weet van nuwe openbaringe nie, skryf in sy brief aan kardinaal Sadoletus (1539): *Omdat Christus voorsien het hoe gevaarlik dit is om ons op die Gees te beroep sonder die Woord, het Hy wel beloof dat die kerk deur die Gees gelei sou word, maar Hy het hierdie leiding aan die Woord verbind.*"[14]
>
> A.N. Hendriks, in sy jarelange studies oor die Heilige Gees, wys dat die reformatore hierdie woorde oor die Trooster in Joh. 14–16 nie eksklusief op die apostels toegepas het nie. Hy sê dan: "Die Parakleet (Trooster) is nie slegs die Dosent van die apostels nie. Hy is ook Leraar van die *kerk* ... Onder die reformatore is dit veral Calvyn wat benadruk dat die Heilige Gees as die Gees van die waarheid sy leeramp voortsit. Calvyn noem Hom telkens weer 'die innerlike Leraar' (*magister interior)* wat ons die Skrif leer verstaan deurdat Hy ons verstand verlig."[15]

Die Gees lei ons in hierdie rykdomme en skatte soos wat ons as kerk sy Woord bestudeer. En die skatte is nie klein nie. Sy werk is groot en heerlik!

Dit is deur sy verligting dat dit *moontlik* is dat die kerk belydenisgeskrifte opgestel het. Dit is "menslike geskrifte", maar die Gees het die kerk verlig en gelei deur die studie van die Woord, en nou het ons geskrifte waaraan ons mekaar selfs bind. So diep en groot was en is sy werk!

---

[14] G. C. Berkouwer, *Conflict met Rome* (Kampen: J. H. Kok, 1955), 58.
[15] A. N. Hendriks, *Die in de waarheid leidt* (Heerenveen: Uitgeverij Groen, 2002), 159-160.

En deur die verligtende werk van die Gees, preek daar ’n *mens* elke Sondag, en ons sê daarvan (nadat ons dit getoets het aan die Woord self – en dit bevestig word deur die kerkraad): So spreek die *Here*! Dit is die lewende stem van God vir ons vandag! God se weg in hierdie wêreld: ’n mens wat namens God spreek deur die verligtende werk van die Gees by die bestudering en oordenking van die Woord.

Ons kom ook in vergaderings saam; ons bid en bestudeer; en ons soek argumente, want die kerke moet gelei word in baie moeilike vraagstukke, en nadat ons oor ’n langer tyd dit alles ondersoek het, neem ons ’n besluit en sê: “Die Gees en ons het besluit ...” (vgl. Hand. 15:28).

Hoe kan ons dan spesifiek met betrekking tot die kerklied sê: ons mag slegs bly by die tekste in die Bybel wat liedere is? Geld die verligting van die Gees by die diep bestudering van die Woord, en die permanente toetsing van alle dinge aan die Skrif, nie by die lied nie? Sou die Gees ons ook nie hier wou lei in die “grootse oorvloed” wat nou juis in Christus ’n nuwe werklikheid geword het nie? Dit is sy groot werk in alle aspekte van die kerklike lewe. Sou die sang nie ook moes getuig van die “grootse oorvloed” en die “skatte wat verborge is in Christus” nie?

Ons is bekend met die woorde dat die gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid is teenoor God (Sondag 45). Dit is baie belangrik dat ons besef dat as Calvyn oor die gebed gepraat het, hy oor twee tipes gebede gepraat het: die gebed wat opgesê word, en die gebed wat ons sing. Die gebed en sang soos ons dit vandag ken, was vir Calvyn een saak in twee vorme. In sy inleiding op sy kerkboek van 1542 skryf hy:

> “Wat betref die openlike gebede, is daar twee soorte. ’n Deel daarvan geskied slegs met woorde, die ander word gesing. En dit is nie ’n nuwe opinie of iets wat nog maar net die afgelope jare so gesien word nie. Want dit is al so gesien vanaf die eerste begin van die kerk, soos wat duidelik uit die geskiedenis bewys kan word.”[16]

Die gebed en lied soos ons dit vandag ken, kan nie geskei word nie. Tog word by ons die gebed nie “gebind” aan vaste Skrifgedeeltes nie, terwyl ons baie gebede in die Bybel kry (ook in die Psalms). Indien ons hierdie beswaar wil handhaaf, moet ons ten minste erken dat ons totaal verskillende vereistes vir die gebed en lied heeltemal inkonsekwent is. By die gebed is daar geen “veiligheidsmaatreëls” nie: Daar is niemand wat dit enigsins nakyk voordat dit gebid word nie, en ons vereis ook nie eers dat dit sorgvuldig opgeskryf word voordat dit gebid word nie.

Ons glo aan “vrye gebede”, want ons glo in die verligting van die Gees, en die bestudering van die Woord wat ons hierin moet lei. Ons gebede moet deurdrenk wees van die Woord, maar dit is nie gebind aan spesifieke tekste nie. *Ons sang is slegs ’n ander vorm van gebed*. Augustinus het selfs gesê: *wie goed sing, bid dubbel*. Mag ons hier dan nie ook, by die diepe bestudering van die Woord, die leiding en verligting van die Gees verwag nie?

In die lyn van Calvyn, wat gebed en lied as een sien, is ook ons lied die vernaamste deel van ons dankbaarheid teenoor God. Dit maak dit soveel belangriker dat ons nie ligtelik met hierdie opdrag om die volheid van Christus te besing, omgaan nie.

---

[16] Sien Jan Luth e.a., *Het kerklied – Een geschiedenis* (Zoetermeer: uitgeverij Boekencentrum, 2001), 219. Calvyn het hierdie siening alreeds in sy kerkorde van 1537 na vore gebring.

## ’n Nuwe Testamentiese liedbundel?

Ons het nou reeds meerdere kere die noodsaak beklemtoon om oor die volle heil in Christus te sing. Die vraag kan dan opkom: As dit so belangrik is, waarom het die Here nie vir ons ’n Nuwe Testamentiese liedbundel soos die Psalms gegee nie?

Allereers wil ons hier weer beklemtoon: die doel is geensins om die Psalms te vervang nie. Ons moet die Psalms in hulle volle vervulling in Christus sing (soos ons ook gereeld sien hoe die Nuwe Testamentiese skrywers wys op die vervulling van die Psalms in Christus).

Tegelyk moet ons ook besef in watter tydperk van God se heil ons leef. In die Ou Testament het God priesters, profete en konings gesalf met olie. Die salwing met die olie het onder andere gewys op die werking van God se Gees. So het God hulle bekwaam gemaak vir hulle taak. Uit hulleself is hulle totaal onbekwaam vir hulle taak, maar God *maak* bekwaam sodat hulle hul taak kan verrig. Dit doen God spesifiek deur sy Gees[17]. Die bekwaammaking van die Gees in die Ou Testament het selfs met die kunste te make gehad (Ex. 31:3).

Aan die einde van die Ou Testament kom Hy wat die Gees nie met mate ontvang het nie (Joh. 3:34), naamlik Jesus Christus. By sy doop daal die Gees op Hom neer, en ontvang Hy die oorvloed van die Gees vir sy reusetaak op aarde. Waar die Gees in die Ou Testament nog baie keer (tydelik) vaardig geword het oor ’n rigter vir bekwaammaking, lees ons van die Kneg, Jesus, dat die Gees op Hom *rus* (Jes. 42:1; 61:1). Dit is deur “die ewige Gees [wat Christus Homself] aan God geoffer het” (Hebr. 9:14) en sy werk volbring het.

As *Draer* van die Gees (sonder mate!) kan Hy nou ook die *Sender* van die Gees word. Hy het die Gees vir sy kinders en die kerk verwerf[18]. By Pinksterfees sien ons Jesus die Doper! Vanaf Pinksterfees mag die kerk deel in die salwing van haar Heer (1 Joh. 2:20).

En hierdie Gees daal nou nie slegs op die ampsdraers in oorvloed neer nie, maar op alle vlees. Selfs die seuns en dogters, selfs die kleinstes en minstes (slawe en slavinne) van God se volk word nou instrumente van die Gees (Hand. 2:17-18). Die kerk ontvang die oorvloed van die Gees van haar Heer (en die Vader) om haar taak nou getrou te vervul.

En hoe sien ons dit nie in hierdie eerste ure van die Pinksterkerk nie! Laat ons die lyn duidelik sien:

> By die *geboorte van Jesus* verskyn daar ’n engel om die groot daad van God te verkondig en te verduidelik.
>
> By die *opstanding van Christus* verskyn daar weer twee engele, om die groot daad van God te verkondig.
>
> By die *hemelvaart van Christus* verskyn daar twee engele om die groot daad van God te bevestig.

---

[17] Sien bv. A. N Hendriks, *Die Here is en levend maakt* (Kampen: Uitgeverij Van den Berg, 1984), 18-19.
[18] A. N Hendriks, *Die Here is en levend maakt* (Kampen: Uitgeverij Van den Berg, 1984), 36.

> En dan *by Pinksterdag*: geen engel. "En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek ..." (Hand. 2:4). Die omstanders self vertel ons waaroor hulle gespreek het: oor die groot dade van God (Hand. 2:11).

Die diensknegte (engele) staan terug, dit is nou die taak van die eie kind (God se volk) om, gelei deur Gees en Woord, die diepste geheim van God se werk te verkondig. As die diensknegte (die engele) uitbreek in lof by die koms van die Messias, sou die eie kind (God se volk) dan nie soveel te meer uitbreek in lof en sang noudat hierdie Christus verhoog is bo alle magte en heerskappye nie?

Dit is die Nuwe Testamentiese kerk se voorreg en taak om die sangbundel aan te vul: gelei deur dieselfde Gees wat die Psalms geskryf het, en gerig op dieselfde God wat daarin geprys word. Soos wat die gemeente by Pinksterdag die voortgaande heil van God in Christus verkondig het vir die omstanders, so werk die Nuwe Testamentiese kerk dit nou ook uit om hieroor te sing in hulle sangbundel.

> By Pinksterfees het ons die Gees se bekwaming van die kerk om die groot dade van God te bring, gesien. Dit is een van die funksies van die lied: om die groot dade van God te gedenk. Ander funksies van die lied is byvoorbeeld om te bely (Hebr. 13:15), om te verkondig (Deut. 31:19-22; 1 Pet. 2:9)[19], om mekaar te onderwys (Kol. 3:16), om sondebelydenis te doen ens. As ons aan al hierdie aspekte dink, dan herken ons dat ons dit reeds in die prediking en gebede en onderlinge gesprekke in die kerk doen, gelei deur Gees en Woord. Ook hier is dit dan inkonsekwent dat ons voel dat ons by die lied volledig deur ’n Skrifteks gebind moet word, maar by al die ander vorme nie.

Die Gees van toerusting maak die kerk bekwaam vir haar taak in die wêreld. Dit is sigbaar in ons studie en nadenke oor die leer, en in ons belydenisgeskrifte. Dit is sigbaar in die ware Woordverkondiging wat week na week gebeur. Ons ervaar dit wanneer die diepste van ons harte verwoord word in ons gesamentlike gebede in die erediens. Ons sien die wysheid waarmee kerklike vergaderings die kerke lei. Ja waarlik, die "Inwendige Leermeester" (Calvyn se beskrywing van die Gees) gebruik die Woord om ons te lei! En net so geld dit ook van ons lied.

Die Here het nie vir ons ’n belydenis, ’n dogmatiek, ’n kerkorde, ’n sendingshandboek, pastorale handreikings en antwoorde op alle moderne vraagstukke gegee het nie, omdat dit nou deel is van ons taak as kerk om hierdie dinge uit te werk: deur die groot gawe van sy Gees en Woord. Dit is die kerk se eer en heerlike opdrag om so te mag besig wees vir haar Heer. Om haar Heer te soek, biddend en studerend, terwyl ons allerlei opdragte het op sy weg. Ons word nie uitgeskakel ná die werk van die Kneg van die HERE hier op aarde nie, maar juis dieper ingeskakel as ooit tevore. Dit is een van die belangrike bewyse dat Christus werklik hierdie wêreld oorwin het. Vanuit die "grootse oorvloed" mag die kerk nou bou en stry en diensbaar wees aan sy saak.

So ’n weg maak die kerk oor en oor verwonderd oor wie haar Heer is, oor die troue Vader wat sy deur Hom ontvang het, en sy Gees wat Hy oor haar uitgestort het. En aan hierdie verwondering mag die kerk nou ook self woorde gaan gee in haar lied, gelei deur Woord en Gees. Die kerk mag vir seker begin by die liedere wat God Self gegee het, maar in daardie lyn ook verder gaan, om uiteindelik te sing oor al die rykdomme en skatte wat sy ontvang het.

---

[19] So het Calvyn ook na die kerklied gekyk. Sien Jan Luth e.a., *Het kerklied – Een geschiedenis* (Zoetermeer: uitgeverij Boekencentrum, 2001), 219.

Dit maak beslis nie elke lied wat vandag gedig word, geskik om in die erediens te sing nie. Net so behoort nie elke gebed en elke preek outomaties 'n plek in die diens aan God te kry nie. Daar bly 'n groot en ernstige taak vir die kerk om die diepte en rykdom van die lewe met God te soek en te verwoord in al haar funksies.

En daarom ook: Dit is die eer en voorreg van die kerk om, gelei deur dieselfde Gees wat die Psalms geskryf het, die lof op God uit te brei volgens "alle geestelike seëninge" wat sy *in Christus* ontvang het (Ef. 1:3).

*Nota: Indien ons hierdie beswaar sou handhaaf, dan is belydenisgeskrifte, prediking, vrye gebede, ens. ook nie moontlik in die kerk nie.*

Uit bostaande beskrywing volg dat ons volgende moet aandag gee aan die beswaar dat 'n nuwe lied slegs wys op 'n ou lied in 'n nuwe situasie (Beswaar 8).

Daarna gee ons dan invulling aan die Nuwe Testamentiese lied: moet ons dan nie by Skrifberymings bly nie? (Beswaar 9).

## Beswaar 8: Om vir die Here 'n nuwe lied te sing beteken (slegs) dat dit 'n herhaling is van 'n ou lied in 'n nuwe situasie

Die beswaar hou dus in dat dit nie 'n nuwe lied met nuwe woorde is wat as reaksie op die verlossing van die Here geskryf is nie. Volgens die beswaar beteken die opdrag van 'n "nuwe lied" in die Skrif dat ou woorde gebruik moet word en dat daar aan die ou lied 'n nuwe glans gegee word. Die doel is dus nie om nuwe liedere saam met die Psalms te sing nie, maar om die Psalms te sing gerig op die nuwe situasie.

Allereers wil ons hier 'n baie belangrike saak bevestig. In die Skrif vind ons inderdaad dikwels dat die woord "nuut" as byvoeglike naamwoord (bv. die "nuwe" verbond) nie beteken dat daar 'n nuwe ding is wat die oue *vervang* nie[20]. "Nuwe" beteken dikwels nie dat die oue stop, en dat iets anders daarvoor in die plek kom nie. Net al as ons aan die onveranderlike eienskappe van God dink, dan is so 'n sig nie gepas nie. God is onveranderlik en trou! ! God gooi nie weg dit wat Hy begin het nie. Hy skrap nie en skryf nie af nie. Hy gaan voort, maar dan dikwels wel op 'n nuwe manier of langs 'n nuwe weg.

Ook as dit gaan oor God se openbaring, ken ons die konsep van God se *voortgaande openbaring*. Dit beteken, in kort, dat God Homself en sy werk steeds duideliker openbaar. Hy skuif nie die ou openbaring eenkant toe as irrelevant nie, maar neem dikwels die bestaande openbaring en werk dit uit of voeg nuwe geheimenisse by.

Hierdie konsep van God se openbaring bring ook mee dat die Psalms steeds volledig relevant is, en in sy kern ook allerlei geheimenisse bevat wat later meer uitgebreid geopenbaar word. Vanuit hierdie sig op hoe God Homself en sy werk openbaar, is dit onmoontlik om die Psalms as deel van ons liedboek te verwaarloos!

---

[20] Pieter A. Verhoef, "New," *New International Dictionary of the Old Testament* 2:36.

By hierdie beswaar word egter gestel dat om ʼn nuwe lied te sing, slegs handel oor dit wat reeds voorheen bekend was. Met ander woorde, die oproep om ʼn nuwe lied te sing oor die groot dade van God beteken dan dat ons nie ʼn nuwe lied hoef te maak nie. Ons kan die ou lied sing, terwyl ons die nuwe dade van die Here in gedagte hou.

Weereens, ons sien inderdaad dat wanneer in die Skrif ʼn nuwe lied gemaak word, dit deurdrenk is van die “ou” openbaring van die Skrif soos dit in daardie tyd bekend was. Dink hier byvoorbeeld aan die lied van Moses en die lied van die Lam in Op. 15.

Tog is dit nie genoeg om dit so te stel nie. *Die nuwe lied is ʼn antwoord van God se volk op God se openbaring en die ervaring van ʼn nuwe daad van verlossing*[21]. God ag dit nodig om nuwe openbaring te gee om sy groot dade aan te kondig en te verduidelik. Dan kan dit tog moeilik beteken dat ons lied nie ook uitbrei en aanpas nie? Dit kan tog moeilik beteken dat ons met ons lied *volledig* (!) in die “oue” bly, terwyl Hy ons opgewonde maak oor die groter heil en heerlikheid waarvan ons deel mag hê? Dit kan tog moeilik beteken dat ons met ons lied Hom in ʼn groot mate slegs prys vir die “oue” wat ons ontvang het, en nie ook duidelik die verwondering verwoord van wat die “nuwe” situasie vir ons gee nie? Juis ook in die lig daarvan dat Hy self vir ons die nuwe heerlikheid openbaar, verwoord en laat opskryf in Sy Woord?

Ons dink hier byvoorbeeld aan Op. 5:9, waar ook die uitdrukking “ʼn nuwe lied” voorkom:

> “Toe sing hulle ʼn nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.”

Die boek Openbaring wil juis in hoofstuk 4-5 wys op die groot nuwe werklikheid wat plaasgevind het. Die Lam wat sy werk volledig volbring het op aarde, is waardig om die boek met sy sewe seëls oop te maak. En daarom hoor ons in die lied wat dan volg beslis die eggo’s van ander dele in die Skrif, maar tog is dit ʼn lied wat “nuut” is en volledig pas by die nuwe openbaring en die nuwe ereposisie van die Lam in die hemel. Of om dit in ander woorde te stel: Ons kan nie dink aan ʼn lied in die Psalmboek wat al hierdie dinge só saam eggo nie.

> Ons kan hier ook dink aan die oproep van Jes. 42:10 om ʼn nuwe lied te sing, nadat dit groot nuwe geheimenisse verkondig het oor die Kneg van die HERE. Ook hier pas dit ons insiens nie om die woorde van ʼn “ou” lied te gebruik nie.

Dit is dan ook opvallend dat die woord “nuut“ in ʼn bekende teologiese woordeboek die betekenis kry van iets wat voorheen onbekend was, of dit wat handel oor ʼn nuwe of verskillende situasie, met die implikasie dat dit beter is as die vorige situasie[22].

Dit is die lyn wat ons in die Skrif self lees, byvoorbeeld in Jer. 23:7-8:

---

[21] Pieter A. Verhoef, “New,” *New International Dictionary of the Old Testament* 2:36.

[22] Pieter A. Verhoef, “New,” *New International Dictionary of the Old Testament* 2:32. Sien ook G. K Beale, *The Book of Revelation* (Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing, 1999), 358. En Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 61-62.

> "Daarom kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hulle nie meer sal sê: So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie, maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland [Babel] en uit al die lande waarheen Ek julle verdryf het."

Jeremia moet verkondig dat God nog ʼn groter werk sal doen as die verlossing uit Egipte, naamlik die verlossing uit ballingskap. Die grootheid van God se verlossing sal nie meer verbind word aan die uittog uit Egipte nie, maar die terugtog uit ballingskap. God self noem dat die nuwe dade van verlossing die oues sal oorskadu, en dat dit ʼn nuwe fokus van roem sal wees, in lyn met die ou roem op sy Naam. En aangesien hierdie woorde van Jer. 23 in die konteks staan van die werk van die "regverdige Spruit" (Jesus Christus – Jer. 23:5-6), kan ons nou in die Nuwe Testament daaraan toevoeg:

> En daarna sal dae kom dat hulle nie meer sal sê nie: So waar as die HERE leef wat hulle uit die Noordland (ballingskap) laat optrek het, maar: So waar as die HERE leef wat sy eie Seun gegee het as ʼn ewige en vaste en volkome verlossing vir sy volk.

Ook hier sien ons dat die opdrag om "ʼn nuwe lied" te sing ons laat begin by die Psalmbundel, maar vandaar ook laat soek na nuwe liedere wat pas by God se nuwe en groter verlossingsdade in Christus.

*Nota: As ons hierdie beswaar sou handhaaf, dan beteken dit dat baie van die Skrifberymings ook nie nodig of toelaatbaar is nie, want dit is nie ʼn nuwe lied wat die Here vir ons gegee het nie.*

## Beswaar 9: As ons nog ander onderwerpe moet dek met ons liedere, laat ons dan nog Skrifberymings skryf en byvoeg en nie gesange kies nie

Hierdie beswaar herken dus die noodsaak dat ons inderdaad die Nuwe Testamentiese lied nodig het om oor die volheid van die heil in Christus te sing. Dit gaan hier meer oor ʼn praktiese invulling van die opdrag van die kerk om oor die volle heil te sing. Hierdie beswaar lê dan ook op ʼn heel ander vlak as die ander besware, waar ons insiens die opdrag van die kerk (om die volle heil te sing) ingeperk word, en die kerk op ʼn verkeerde spoor gelei word.

Ons kan dink dat mense sal verkies om eerder nog Skrifberymings te maak, en dit by ons huidige Psalmboek te voeg, omdat dit aangevoel word as ʼn veiliger opsie. Dit is definitief dinge waaroor ons met mekaar kan bly praat: beter en slegter (ook veiliger) weë wat ons in hierdie soeke om die volheid van die heil te besing, kan volg.

Uiteraard is daar niks verkeerd daarmee om Skrifberymings te sing nie, maar ons moet wel in gedagte hou dat baie Skrifgedeeltes nie geskryf is om dit te sing nie. Die Skrif is dikwels baie bondig en diep geskryf, en dit maak dit moeilik vir die gemeente om die direkte woorde van die Skrif te sing en goed te verstaan wat daarmee bedoel word. Ons kan hier byvoorbeeld dink aan die briewe van Paulus wat baie diep delf en wat ons nie sommer vinnig verstaan terwyl ons dit lees (of sing) nie. Ons kan byvoorbeeld dink aan Skrifberyming 24 wat ʼn beryming is van Ef. 1:1-14. Wanneer daar ʼn bietjie dieper na hierdie teks gekyk word, is dit opvallend dat hierdie groot werke van God almal "in Christus" plaasvind. Hierdie uitdrukking kom 10 keer voor in hierdie paar verse. Dit is vir seker een van die groot

sake wat Paulus hier wil beklemtoon, maar dit is nie noodwendig wat ons raaksien wanneer ons hierdie woorde lees of Skrifberyming 24 sing nie.

Die Here gee vir ons (veral) die prediking om hierdie sake breër uit te werk. En ons het belydenisgeskrifte wat samevattings en verduidelikings gee oor sekere kernonderwerpe. In die praktyk van ons kerkwees ken ons die absolute noodsaak om onderwerpe dieper uit te werk sodat ons goed verstaan wat met Skrifteksete bedoel word (dink weer net aan die belydenisskrifte en die prediking). Dit sal ook moet waar wees as dit kom by die sing oor die volle heil in Christus: die heil sal ’n bietjie uitgewerk moet word. Ons moet in gedagte hou dat die sing ’n proses is wat teen ’n redelike tempo verloop. ’n Mens kry min tyd om ten volle te bevat en te verstaan wat jy sing.

As kerke soek ons nie oppervlakkige liedere in ons liedbundel nie. Ons soek liedere wat die diepte van die Skrif vir ons uitwerk, sodat ons dit in die mond kan neem in ons antwoord op die ryke en diepe Woord van ons God. Maar dan is die oplossing nie so eenvoudig as om net Skrifteksete baie letterlik om te sit in liedere nie. Byna altyd het ons nodig om daardie diepte om te sit in meerdere woorde wat duidelik maak wat ons bedoel wanneer ons met die Skrifteks besig is (soos ’n preek en die belydenisgeskrifte doen). En so geld dit ook van ons sang en lied.

As voorbeeld noem ons graag twee onderwerpe. Dink aan hoe sentraal die leer van die Drie-Eenheid vir ons geloof is (gaan lees byvoorbeeld hoe sentraal ons belydenis van Athanasius die Drie-Eenheid stel en hoe direk hy dit verbind aan die saligheid). Geen beryming van ’n Skrifgedeelte wat letterlik omgesit is in ’n lied gaan ons help om hierdie rykdom te besing nie, want daar is nie so ’n Skrifgedeelte wat spesifiek die leer van die Drie-eenheid uitwerk nie. Tog is die hele Skrif (en ons belydenisse) vol hiervan! Dink verder ook aan Vraag en Antwoord 86 van die Heidelbergse Kategismus: die heiliging vind plaas in Christus en veral ook met Christus as die aktiewe Persoon in my heiliging. Dit is ’n sentrale waarheid van die Nuwe Testament wat hier bely word, en waarvoor ons meerdere Skrifgedeeltes bymekaar moet bring en uitdiep om dit te besing.

Ons insiens lei bogenoemde uitdagings ons daartoe om vrye liedere te moet soek. En daarmee bedoel ons dan nie “vry” in terme van allerlei interessante gedagtes nie, maar ons bedoel liedere in die lyn van ons belydenisgeskrifte. Liedere wat deurdrenk is van die Skrif (en die betekenis van Skrifgedeeltes), en wat die leer van die kerk (vanuit meerdere Skrifgedeeltes) duidelik naspreek.

## Beswaar 10: Die sing van gesange is in teenstelling met die belydenis

Die beswaar wys hier byvoorbeeld na Art 4-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat gaan oor die inspirasie en volkomenheid van die Skrif. Gesange is menslike geskrifte en niks kan by die volkomenheid van die Woord gevoeg word nie. Verder word ook Sondag 35 (vraag en antwoord 96) aangehaal: Ons mag God “op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie”. Die manier waarop God deur ons vereer wil word, is deur Psalms en Skrifberymings te sing.

Allereers wil ons hier wys op ’n inkonsekwentheid in die argument van die beswaar. Die beswaar is dat geen menslike geskrif by die volkomenheid van die Skrif gevoeg mag word nie. Daarvoor word dan wel ’n beroep gedoen en as bewysgrond gebruik ’n menslike geskrif (die belydenisgeskrifte).

Wanneer ons bostaande beswaar konsekwent gaan toepas, dan is belydenisgeskrifte dus ook nie toelaatbaar of belangrik nie. Verder moet ons dan vrye gebede vervang met ’n direkte gebed uit die Skrif, en is prediking (en soveel ander dinge) in werklikheid ook nie moontlik nie. En, die Skrifberymings word wel aanvaar as toelaatbaar volgens die beswaar, maar die Skrif gee nêrens die opdrag om Skrifberymings te maak nie.

Uiteraard bly die saak volledig staan: Ons moet God op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord ons beveel nie. Dat dit steeds waar bly in die Skriftuurlike (!) vrye lied/gesang, is hopelik duidelik uit al ons ander antwoorde op die besware hierbo en die riglyne wat deur die Sinode van 2011 aangeneem is.

## Beswaar 11: Gereformeerdes deur die eeue was nog altyd gekant teen gesange

Die oudste eredienste buiten dit wat in die Bybel beskryf word, is die erediens in die sinagoges. Dit het waarskynlik ontstaan in die ballingskap en rond die tyd van Esra en Nehemia. Die sinagoges het in baie aspekte aangesluit by die tempeldiens, maar dit het dikwels wel ’n ander vorm gekry. So is die offerdiens in hierdie eredienste vervang met die studie van die Skrif en met gebed. Dit is bekend dat in die sinagoge die sogenaamde *Agtiengebed* al van baie ouds af ’n plek gehad het in die erediens. Hierdie vrye gebed is gebaseer op Ou Testamentiese liedere. Van Rongen wys daarop dat daar ’n lyn van hierdie *Agtiengebed* lê na die Nuwe Testament, maar juis ook na byvoorbeeld die liedere in die boek Openbaring[23]. Hy noem selfs dat daar miskien reeds in die tyd van die sinagoge die moontlikheid was om ’n geïmproviseerde gebed of lied te bring na die erediens (in die lyn van 1 Kor. 14:26). Dit was immers ook in die sinagoge die gebruik om ander uit te nooi om ’n “woord van opwekking” aan die volk te gee (Hand. 13:15).

Daar is oor die algemeen min inligting oor die sinagogiese erediens, en daarom maak ons ’n versigtige konklusie: Sover ons kan sien, is daar in die lyn van tempeldiens na sinagoge na Nuwe Testamentiese erediens, nie ’n strakke binding in die teks van liedere nie.

Gaan ons nou verder na die eerste paar eeue van die kerkgeskiedenis ná Pinksterdag, dan is ons doel nie om ’n volledige beskrywing van die geskiedenis van die kerklied te gee nie. Die vraagstuk waarmee ons besig is, is of Gereformeerdes deur die eeue gekant was teen gesange. Met die oog hierop, maak ons graag die volgende paar opmerkings:

a) Tertullianus (ongeveer 160-220 n.C.) vertel dat gemeentelede uitgenooi is om ’n lied voor die gemeente te sing. Dit kon ’n lied uit die Bybel wees, of een wat self gemaak is[24].
b) In die stryd teen die Gnostieke en die Ariane, het die regsinniges dikwels oorgegaan tot die uitsluitlike sing van Psalms, in reaksie op die ketterse liedere wat deur hierdie groepe gedig is. Hilarius van Poitiers (310-367 n.C.) en Gregorius van Nazianze (329-390 n.C.) het egter later juis liedere gedig wat die Godheid van Christus en sy egte menslike verskyning beklemtoon

[23] G. van Rongen, *Met al de heiligen* (Barneveld: De vuurbaak, 1990), 3:88-90.
[24] G. van Rongen, *Met al de heiligen* (Barneveld: De vuurbaak, 1990), 3:90-91. Sien ook J. van Eck, *Kolossenzen en Filemon* (Kampen: J. H. Kok, 2007), 189.

het, en het hiermee die leerstryd in die kerk probeer bevorder vir die waarheid[25]. Ons sien hoe Luther later hierdie selfde weg gegaan het met sy liedere!

c) Ons ken die pragtige verhaal van die vader van die Westerse kerksang, Ambrosius. Die volgelinge van Arius het onder leiding van die moeder van keiser Valentinianus die kerk van Milaan beleër. Ambrosius en sy gemeente het weggekruip in hierdie kerk. Augustinus vertel dan vir ons: "Om te voorkom dat die volk neerslagtig sou word en moed sou verloor, het hulle toe begin om gesange en Psalms te sing volgens die gebruik van die Oosterse kerk."[26]

d) Daar is ook 'n versameling van gesange uit die vroeë kerk aan ons bekend vandag. Sien die bylae by hierdie dokument om 'n paar voorbeelde hiervan te sien.

Ons het oor die algemeen min gegewens oor die liturgie in die vroeë kerk. Uit ons inligting kan ons aflei dat die Psalms 'n belangrike en basis plek in die liturgie van die vroeë kerk geneem het, maar dat daar tegelykertyd ook gesange gedig en gesing is.

Ons kan nie in ons beantwoording die hele kerkgeskiedenis deurgaan nie. Ons wil nog net kortliks stilstaan by Calvyn, omdat besware teen gesange dikwels aan hom verbind word.

Calvyn wou by die vroeë kerk aansluit in sy sig op die sang. Hy kies hierin om veral die lyn van Chrysostemus en Augustinus te volg, wat sterk klem op die sing van die Psalms gelê het. Calvyn se liefde vir die Psalms het verskillende redes gehad. Allereers het daar 'n groot verval in die kerklied gekom, en om terug te gaan na die basis wat God self gegee het, was daarin 'n wyse en gehoorsame stap[27]. Verder het hy genoem dat ons in die Psalms God toesing wat ons self van Hom ontvang het. In die Psalms het hy ook die spieël gesien van die volle Christelike lewe, en juis ook in daardie verband is die Psalms baie nuttig en waardevol vir die erediens.

Tog is dit belangrik dat ons Calvyn se sig op die Psalms ook binne sy konteks plaas:

1) Daar was inderdaad 'n groot verval in die kerklied. Vir die reformatore was dit 'n moeilike saak om hierin 'n goeie weg te vind. Die Zwingliaanse Reformasie kies aanvanklik as Bybelse weg dat die gemeente glad nie moet sing nie. Die Lutherse Reformasie kies veral ook vir die lied as wapen teen die dwaling en ongeloof (Luther het byvoorbeeld baie gesange in sy bundel gehad). Calvyn kies om terug te gaan na die eerste beginsels oor die kerklied. Vir hom vorm die Psalms die basis vir die gereformeerde liedboek.

2) Calvyn het grondige kennis gehad van die liturgie in Straatsburg. Bucer het daar 'n liedboek opgestel met al 150 Psalms, asook 'n klomp gesange. Nêrens spreek Calvyn hom negatief uit oor hierdie keuse vir gesange van Straatsburg nie. Calvyn moet 'n nuwe begin maak vir die gemeentesang omdat daar niks in Frans beskikbaar was nie, en daarin maak hy wel 'n

---

[25] G. van Rongen, *Met al de heiligen* (Barneveld: De vuurbaak, 1990), 3:91.

[26] Jan Luth e.a., *Het kerklied – Een geschiedenis* (Zoetermeer: uitgeverij Boekencentrum, 2001), 15.

[27] Kuyper sê hieroor: "Die voorkeur om amper uitsluitend Psalms te sing deur ons Gereformeerde kerke tydens die Reformasie het haar grond gevind in die groot misbruik waartoe die invoering van die vrye lied gelei het. Die stellige feit dat ook in die ou Christelike kerk sulke vrye liedere gesing is, kan nie geloën word nie. Sommige van hierdie liedere is baie oud, en is deur die hele Christenheid gebruik. Maar die misbruik het baie ver gegaan. Eers het alle Psalmgesang verdwyn, en later het omtrent alle sang van die gemeente verdwyn ... Dit was die kwaad wat die kerk toe wou stuit ...". (Abraham Kuyper, *Onze Eeredienst* (Kampen: J. H. Kok, 1911), 57).

positiewe keuse vir die Psalms. Daar was byvoorbeeld nie ’n afgeslote versameling van Nuwe Testamentiese kerkliedere wat Calvyn kon kies en verwerk/vertaal nie[28]. Calvyn se positiewe keuse vir die Psalms gee nie outomaties Calvyn se volle sig op sang in die erediens weer nie. Smelik sê tereg dat ons daarom versigtig moet wees om Calvyn te betrek by ons “moderne gesange-kwessie”[29].

3) Dat Calvyn nie die “vrye lied” as onskriftuurlik gesien het nie, is duidelik uit die feit dat hy die Apostoliese Geloofsbelydenis as lied, asook ’n vrye teks as laaste vers van die Tien Gebooie[30] in sy eerste bundel in 1542 opgeneem het. Hy het byvoorbeeld ook die Lofsang van Simeon (Skrifberyming) in sy eerste liedbundel opgeneem. Heel aan die einde van Calvyn se eerste sangbundel staan die woorde: “Met *Psalm en lied sal ek die een God besing, so lank ek leef*.”[31]
4) Die psalmberymings wat Calvyn in sy Psalmboek opgeneem het, het nie die doel gehad om so letterlik as moontlik die Skrifteks weer te gee nie. Dit was “parafraserend”, sodat die gemeente die woorde goed kon verstaan[32].
5) In 1648 neem Theodore Beza die werk om die Psalms te berym by Clément Marot oor[33]. In 1562 is die werk voltooi om al die Psalms te berym. Vanaf 1558 is beide Beza en Calvyn baie aktief in die nuut-opgerigte teologiese opleiding in Genève. Calvyn sterf in 1564, kort na die voltooiing van die beryming van die Psalms. Volgens Hasper was vir Calvyn die psalmberyming in 1562 nog nie klaar nie, aangesien daar baie psalms was wat nog nie hulle eie melodie gehad het nie[34]. Ons weet dus nie wat Calvyn se volle visie op die kerksang was nie. Het Calvyn nog ’n wens gehad nadat al die Psalms berym was en hulle eie melodie gehad het? Ons weet nie. Ons weet slegs dat Beza voortgegaan het met die liedbundel, en nog ’n klompie Skrifgedeeltes omgesit het in liedere.
6) Calvyn het die Psalmboek gesien as ’n geheel en die beryming van die Psalms was vir hom een projek[35]. Vir hom was dit nooit ’n opsie om slegs ’n paar psalms te berym nie. Dit het nie ingepas by sy sig en doel van die psalms nie[36]. Dit is dan ook opvallend dat die psalmrooster van Genève aangee watter psalms op watter Sondag gesing moet word. Die hele Psalmboek (alle psalms en alle verse) is per halfjaar deurgesing. Die gemeente het ongeveer 30 verse per erediens gesing, en basies altyd ’n psalm in sy geheel.

H. Hasper, in sy reusestudie oor Calvyn en die kerklied (1900 bladsye!) maak die volgende opmerking oor Calvyn en die Nuwe Testamentiese kerklied:

---

[28] Sien H. Hasper, *Calvijns beginsel voor de zang in de eredienst* (Groningen: De vuurbaak, 1976) 2:19. Dit gaan hier dus nie oor die vraag of daar los gesange beskikbaar was nie, maar of daar ’n teologiese besinning was waarvanuit ’n Nuwe Testamentiese sangbundel saamgestel is.
[29] Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 102.
[30] Sien vandag ook by ons Skr. 26:11.
[31] J. A. van der Meiden, *Calvijn en het kerklied* (Goes: Oosterbaan & Le Cointre, 1987), 11.
[32] Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 96.
[33] Sien K. Deddens, *Op weg naar een nieuw Psalter* (Groningen: De vuurbaak, 1976), 12.
[34] Sien H. Hasper, *Calvijns beginsel voor de zang in de eredienst* (Groningen: De vuurbaak, 1976) 2:752. Hasper sê selfs: “Dat Calvyn die Nuwe Testamentiese gemeente geen uitbreiding van die kerklied [buiten die Psalms] vir die erediens sou gegun het nie, is ’n geheel onlogiese gevolgtrekking uit die historiese omstandighede.”
[35] Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 97.
[36] H. Hasper, *Calvijns beginsel voor de zang in de eredienst* (Groningen: De vuurbaak, 1976) 2:751.

> Wanneer daar nou gevra word watter maatstaf Calvyn in die sestiende eeu sou gestel het vir liedere wat saam met die Psalmboek in een bundel aangebied mag word vir gebruik in die erediens, sou Calvyn waarskynlik gesê het: sulke liedere moet Christus as middelpunt hê en nie die vrome mens nie. Nie alles wat goed is vir gesin, skool en Bybelstudiebyeenkomste kan in die erediens gesing word nie. Maar: Net soos in die Bybel die Nuwe Testament op die Ou Testament volg, behoort daar in die kerkboek op die Psalms 'n wye verskeidenheid van liedere te volg waarin die genade en waarheid besing word wat deur Jesus Christus in die wêreld geopenbaar is (Joh. 1: 17). Sou daar nie 'n plek in die aanbidding wees vir die gemeente om die lof van Hom te besing nie, "uit wie se volheid ons alles ontvang, genade op genade" (Joh. 1:16)?[37]

Verder noem hy dat Calvyn, sover nagegaan kan word, hom nooit negatief uitgelaat het oor die vrye lied nie[38]. Dit is ook wat ons reeds gesien het in die bespreking van Calvyn se kommentaar op Ef. 5:19 en Kol. 3:16. Hier het hy 'n duidelike geleentheid gehad om teen gesange te skryf, maar hy bly daar baie algemeen oor die Skriflied skryf (Sien hieroor Beswaar nr. 2).

Weereens, dit is nie moontlik om volledige analises en beskrywings te gee van die tye waarin daar 'n gesangestryd in die kerkgeskiedenis was nie. Dit is egter baie belangrik dat ons die konteks goed verstaan en dit ook onderskei van die konteks waarin die gesange by ons op tafel kom en wil funksioneer.

As voorbeeld, iets korts oor die Nederlandse gesangestryd in die 19[de] eeu. By die ontstaan van die *Evangelische Gezangen*bundel van 1806 het baie dinge 'n rol gespeel wat die verval van die kerk bevorder het. Die onderwaardering van die Psalms het gegroei omdat die predikante nie meer die "taal" van die Psalms gepreek het nie. Die Ou Testament is al eenkant toe geskuif voordat die gesange gekom het. Bybels het verskyn sonder die Ou Testament. In baie kerke is daar basies nie meer uit die Ou Testament gepreek nie[39]. In die omgangstaal is na die Psalms en Ou Testament verwys as deel van die "Joodse godsdiens". So het die sinode van 1798 letterlik gesê dat daar "in plaas van die Joodse liedere [die Psalms] in ons kerke meer Christelike gesange ooreenkoms die godsdiens van Jesus ingevoer moet word"[40]. Dit gebeur alles *voordat* enige gesange gekies is.

'n Saak wat die sing van die Psalms verder negatief beïnvloed het, is die feit dat baie mense nie van die Geneefse melodieë gehou nie.

Verder is die Gesangebundel ook op die tafel van die kerke gesit met inmenging van die staat[41]. En die gesange is nie gekeur deur die kerke nie, terwyl daar gesange by was wat nie Skriftuurlik was nie. Al hierdie sake wys vir ons dat dit nie dieselfde situasie as ons s'n vandag is nie. Laat ons versigtig wees om algemene stellings te maak vanuit spesifieke omstandighede in die kerkgeskiedenis.

As ons na die groot lyn deur die geskiedenis kyk, dan kan ons in die algemeen (!) sê: die troue kerk van Christus het deur al die eeue, en oor die hele wêreld ook (!) gesange gesing. Ons sien dit in die vroeë

---

[37] H. Hasper, Calvijns beginsel voor de zang in de eredienst (Groningen: De vuurbaak, 1976) 2:19.
[38] Sien ook J. A. van der Meiden, *Calvijn en het kerklied* (Goes: Oosterbaan & Le Cointre, 1987), 12.
[39] G. van Rongen, *Met al de heiligen* (Barneveld: De vuurbaak, 1990), 3:108.
[40] Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 106.
[41] 'n Groot deel van die besware was dan ook *kerkregtelik* van aard. Vgl. Jan Smelik, *Gods lof op de lippen* (Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum, 2005), 107.

kerk, in die Middeleeue, tydens die Reformasie, en ook daarna. Wêreldwyd. Vir seker is daar ook uitsonderings, maar in sy geheel bly die stelling waar.

Gereformeerde deskundiges op die gebied van liturgie het eweneens op die nuttige plek van gesange gewys vir ons erediens. Ons hoef hier maar net te dink aan teoloë wat intensief op die gebied van liturgie gepubliseer het: Abraham Kuyper, G. van Rongen, K. Deddens, C. Trimp, Jan Smelik. Hierdie broeders, van verskillende dele van die wêreld, is ook aangehaal in ons antwoorde op die besware teen gesange.

Die Vrye Gereformeerde Kerke se eie susterkerke sing al almal dekades lank gesange. Ons dink hier aan (in historiese volgorde) die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), The Canadian and American Reformed Churches, en The Free Reformed Churches of Australia. En ons as Vrye Gereformeerde Kerke is deel van die International Conference of Reformed Churches. Ook hier sing, sover ons weet, omtrent alle lidkerke gesange.

En intussen het daar soms op ons gemeentevergaderings en onderlinge gesprekke groot woorde van oordeel geval oor die sing van gesange. Ook al stem ons nie noodwendig persoonlik saam met die sing van gesange nie, laat ons hierin asseblief baie versigtig wees. Want die kerk van Christus wêreldwyd en deur al die eeue heen sing gesange. Wanneer ons dan groot oordele fel oor hulle wat gesange sing, moet ons besef dat ons dit doen oor die bruid van Christus. En wie iets sê oor die bruid, moet weet dat Christus self dan diep betrokke luister (vgl. Hand. 9:4).

## Beswaar 12: Die sing van gesange lei tot ’n dwalende kerk

As ’n gesang Skriftuurlik is, kan dit dan tot dwaling lei? Kan dit wat as waarheid ondersoek en bevind is (die proses wat ons in ons kerke het by die keuse van ons liedere), lei tot dwaling? En wat dan van die duisende kerke wat gesange sing, en al vir so lank al getrou is aan die Here?

Omtrent alle kerke sing gesange, en ja, baie kerke word mettertyd dwalende kerke. Maar lê die oorsaak daarvan in die sing van gesange? Want dit is net so waar dat baie kerke belydenisgeskrifte het, en dat baie van hulle ook dwalende kerke word. Lê die probleem dan by die belydenis, of lê dit dieper?

Laat ons versigtig wees met groot uitsprake. Om te sê dat gesange lei tot ’n dwalende kerk sal eers nog duidelik bewys moet word.

Iets kan slegs tot ’n dwalende kerk lei wanneer die kerk ’n duidelike grens en opdrag ignoreer. Is daar so ’n opdrag (direk of indirek) in die Skrif dat ons nie gesange mag sing nie? Ons hoop dat ons bespreking van die besware hierbo aantoon dat die nie so is nie. Daar is geen Bybelse grens wat oorgesteek word nie. Want anders het ons dit al lankal oorgesteek met ons belydenisse, met ons vrye gebede, met ons prediking, ens. Dit is immers ook nie woordeliks gebind aan ’n Skrifteks nie? Wanneer ons dus iets gaan doen wat nie ’n duidelike Bybelse grens ignoreer nie, dan is dit nie daardie saak wat lei tot dwaling nie. As daar dan tog dwaling kom, dan lê dit op ’n ander plek. Weereens, kan dit wat as Skriftuurlike waarheid ondersoek en bevind is, lei tot dwaling?

Hiermee wil ons nie beweer dat alle versigtigheid maar by die deur uitgegooi kan word nie. Daar is inderdaad 'n groot gevaar wanneer kerke liedere opneem in hulle liedbundel wat nie goed getoets is nie. Dan kan (en *het* deur die geskiedenis!) inderdaad dwaling die kerk binnegesluip. Daar is inderdaad 'n groot gevaar wanneer daar eensydig met die heil of die leer omgegaan word. Maar so geld dit van alle dinge in die kerk. Wanneer die kerk agterlosig of gemaklik of eensydig met enige van haar funksies omgaan, sal dit lei tot dwaling in die kerk. Laat ons daarom *alles* in die kerk (van prediking tot gebed tot sang tot onderlinge vermaning) bly toets aan die Woord. Dit is 'n opdrag wat nooit kan wegval deur enige buite-Bybelse grense wat ons sou stel nie, want die probleem lê diep in ons hart. Om dit baie negatief te stel: Elke kerklidmaat is 'n potensiële kerkbederwer. Slegs deur Christus se kerkvergaderende werk, is daar hoop vir ons. Slegs by Hom is die kerk veilig en het dit 'n toekoms. Slegs deur mekaar te bewaar by sy Woord, deur sy Gees.

Laat ons dan versigtig wees. Maar nie angstig nie. Oor en oor beteken die Here se teenwoordigheid: Moenie vrees nie. Om angstig kerk te wees, kan beteken dat ons 'n goeie weg van die Here blokkeer, omdat ons steeds reken vanuit ons werklikheid (angs). Om teen God se weg in te gaan, kan nooit die toekoms vir die kerk wees nie. En daar is twee opdragte waaraan ons as kerke in ons kerklied gehoor *moet* gee:

1) dat die Woord van Christus *ryklik* in ons moet woon deur ons lied (om oor die volle rykdom van die Nuwe Testament te sing); en
2) dat ons werklik (in die praktyk van ons sang en gedagtes) oor Christus sing in alle psalms.

Om nie gehoor te gee aan hierdie opdragte nie, kan nooit 'n veilige pad vir 'n kerk wees nie. En buite gehoorsaamheid vind ons ook nooit rus nie. Die rus lê in Hom. En buite Hom is alles in die kerk inderdaad 'n angswekkende saak.

Die kerk se groot opdrag is om die waarheid te bewaar. Te alle tye. By elke preek. Elke psalm wat ons sing. Elke Bybellees. Elke kerkraadsvergadering of sinode. Daar is geen kortpad hier nie. Daar is geen selfgeboude mure (buite-Bybelse grense) of outomatiese grense wat die dwaling uithou nie. Elke moontlike dwaling lê reeds diep weggesteek in ons hart. En daarom, elke keer weer kom dit neer op: Luister na sy Woord en bid om sy Gees. Bou as kerk elke dag weer op sy Woord, en breek af dit wat in stryd is daarmee. In totale toewyding aan ons Drie-Enige God, en gerig op Hom wat ons by sy waarheid moet bewaar – só is ons veilig. Ook wanneer ons die weg gaan om nog liedere te soek wat ons help om die volle heerlikheid te besing van hierdie God.

(Vir die leiding van die Gees, ook ten opsigte van die kerklied, sien Beswaar 7).

## Beswaar 13: As ons eers die eerste gesange goedkeur, sal die hoeveelheid gesange later die Psalms oorspoel (dit gaan hier oor die getal gesange)

Hierdie beswaar hou in dat as 'n mens eers met een gesang begin, dan het 'n mens die sluise oopgetrek, en sal daar honderde volg. Ook hier ken ons voorbeelde in die geskiedenis waar dit inderdaad gebeur het.

Ons wil hier iets meer sê oor die drang na verandering. Ons wil dit sê aan die hand van Kol. 3:16 – die teks wat ons reeds by Beswaar 2 bespreek het. Hierdie Skrifgedeelte verbind die feit dat die "woord van Christus ryklik in julle [moet] woon" met die lied (psalms, lofsange, geestelike liedere) wat die kerk moet sing. 'n Paar opmerkings hieroor, wat verband hou met bostaande beswaar:

1) Die kerk sal haarself by *elke verandering* moet afvra of dit hier werklik gaan oor die "woord van Christus" wat nou steeds ryker in ons woon, en of dit gaan oor ons sug na verandering en vernuwing en aanpassing by die wêreld. Dit is uiteindelik die saak van reformasie of deformasie in die kerk. Niks doen beteken nie dat ons dan gereformeerd bly nie. Om alles te verander ook nie. Die aktiewe opdrag is dat die woord van Christus *ryklik* in ons moet woon. Dit vra 'n keuse en gehoorsaamheid by elke preek wat 'n predikant maak en voorberei. Dit vra 'n keuse en gehoorsaamheid by elke luister en oordenking van daardie preek deur die gemeente. Is die woorde van ons lied in ons gedagtes en hart wanneer ons daarmee God aanbid? Is daar werklik by ons 'n begeerte dat die Woord steeds ryker in ons as gemeente woon? Om gereformeerd te bly, is 'n aktiewe saak wat aktief ons betrokkenheid by en groei in die Woord vra, elke oomblik van kerkwees. En indien ons dit doen, dan sal ons ook maklik raaksien wanneer dit by 'n verandering nie meer gaan oor die woord wat ryker by ons moet woon nie. Ons hoop dat uit hierdie dokument die bedoeling van die deputate en die sinode duidelik is.

2) As ons na die opdrag kyk dat die woord van Christus ryklik in ons moet woon (Kol. 3:16), dan is dit weer nodig dat ons dieper delf as die idee dat die gevaar slegs van buite (van nuwe dinge) kan kom. Die feit dat daar 'n ryk en vol geloofsbelewing beskryf is in die Psalms, beteken nog nie dat dit ook so funksioneer in ons kerke nie. Indien ons slegs sekere geliefde psalms ("mooi psalms") sing in ons eredienste, dan kan dit baie gou gebeur dat ons 'n skeefgegroeide geloofsbelewing kry. Dan kan Bybelse konsepte soos vyandskap met die wêreld, onreg ly, omgang met teëspoed, wag op die HERE, ens., vir ons vreemd word ook al sing ons die Psalms. Dit gebeur gou dat ons slegs sekere psalmverse kies wat pas by daardie deel van die verlossing waarvan ons hou. Dan sing ons nie meer die volle heil ("die woord van Christus ryklik") nie. En dieselfde geld vir al die ander dele van ons kerklike lewe. Daar kan ook eensydigheid wees in die Skriftekste (of die fokus uit daardie tekste) wat die predikant kies om oor te preek. So ook kan die karakter van die prediking (troosvol, bemoedigend, vermanend, eties, ens.) eensydig wees. Dit kan gebeur wanneer ons in die kerk met skemas (wat op sigself goed kan wees) eensydig (!) bly werk, byvoorbeeld ellende-verlossing-dankbaarheid, of belofte-eis-wraak. Skemas wat oorheersend word, kan die lewende stem van God verdring wat nuut en vars na ons wil kom, en teenwerk dat die woord ryklik in ons woon.

   Wanneer ons nie meer (al) die Psalms wil sing nie (en dit vervang met gesange), is daar vir seker 'n probleem in die kerk, maar daardie selfde probleem kan voorkom in baie vorme in 'n gemeente waar slegs psalms gesing word. Die verskraling van die verlossing is iets wat in ons harte lê, en nie iets wat noodwendig enigsins met gesange te make het nie.
   Die belangrikste is weereens nie dat ons *formeel* 'n belangrike plek aan die Psalms en die Woord gee nie, maar die plek wat dit *werklik* in ons eredienste inneem.

3) Bostaande twee punte beskryf die belang dat die woord van Christus *ryklik* (in sy volheid) in die gemeente woon. Nou wil ons let op die opdrag dat die woord van Christus in sy volle rykdom ook werklik *woon* in die gemeente. Die Woord moet nie maar net vir 'n oomblik

verbykom nie, maar ’n vaste blyplek kry in die gemeente. “Die lofsang van die gemeente is *dié* instrument vir ’n volk wat, ooreenkomstig die apostoliese bevel (Kol. 3:16), ruim woongeleentheid vir die woord van Christus wil maak[42].” Ons hoop om hieronder verder daarop in te gaan dat gesange nie die doel het om die Psalms te verdring nie. Maar eers moet ons ook hier dieper soek. Is daar by ons nie ’n enorme gevaar dat ons musiekkeuses deur die week ons harte vul sodat daar min plek is vir Woord om te woon nie?

Ons bedoel hiermee dat dit baie algemeen in ons huise (en motors!) geword het om *popmusiek* te luister. Ons sing ’n paar psalms op ’n Sondag in die erediens, maar daar word dikwels ure se popmusiek geluister gedurende die week. Ons almal ken die krag van musiek, en hoe maklik gedagtes en ’n hele wêreldbeeld in ons harte ingedra word. Paulus weet dat as jy iets wil laat *woon* in die hart, ’n vaste blyplek gee in die hart, laat die mense dan die Woord sing. Maar net so geld dit wanneer ons allerlei braaksels van die Satan op ons lippe neem[43]. Dan is dít wat die woonplek van die hart in besit sal neem. Paulus leer ons iets daarvan in Ef. 5:18. Teenoor vol word met drank, plaas hy die vol word met die Gees. En direk daarna verbind hy die vol word met die Gees met die sing van psalms, lofsange en geestelike liedere. Dit gaan oor twee totaal verskillende lewenstyle: vol word met die wêreld of vol word met die Gees. In sy uitleg van hierdie vers, stel Calvyn dan ook die ligsinnige en wêreldse liedere teenoor die psalms, lofsange en geestelike liedere. Dit is ’n duidelike *teenoor*. Die Woord kan nie woon in die gemeente, terwyl die kerk van Maandag tot Saterdag permanent die braaksels van Satan in popmusiek omhels nie.

Ons het nie hierdie vraag oor die popmusiek gevra om ’n rookskerm op te rig, met die idee dat ons ons dus nie oor die inhoud van die gesange hoef te bekommer nie. Ons bly by die belang dat gesange ondersoek en getoets sal word aan die Woord.

Die saak van die gesange gaan egter nie oor vernuwing terwille van “vernuwing” nie. Vernuwing ter wille van vernuwing is vir seker ’n saak waarvoor ons moet oppas, ook ten opsigte van ons liedere. Maar wanneer ons dieper soek na die rede hoekom daar ’n begeerte kom na verandering en vernuwing en “modernisering” van ons eredienste (en kerklied) laat ons dan raaksien wat baie algemeen van Maandag tot Saterdag by ons huise gebeur, en die musiek wat daar geluister word. Laat ons nie dink dat dit geen invloed op die erediens en die “geloofsbelewing” (“erediens-styl”) gaan hê nie. Hoe baie sien ons daarbuite dat kerke probeer om die inhoud van die Bybel en die styl van die wêreld met mekaar te versoen. Dit lê nie ver van ons tafel nie. Want tans het ons ’n totaal onhoudbare situasie in ons kerke waarin baie dikwels die Maandag-tot-Saterdag musiek en woorde en styl totaal haaks staan op ons erediens op Sondag. Wat is ons weg hierin verder: bekering, of gaan ons dit probeer bymekaar bring en versoen?

---

[42] C. Trimp, *De gemeente en haar liturgie* (Kampen: Van den berg, 1983), 92.

[43] Dit gaan ons hier oor ’n algemene tipering van popmusiek, en nie na ’n verwysing van elke afsonderlike popliedjie nie.

Die Woord self (Christus) het *ryklik* na ons toegekom: ons het sy heerlikheid aanskou. Hy het nie slegs by ons verbygegaan nie, maar by ons kom *woon* (sien Joh. 1:14). Deur sy Gees en Woord wil Hy sy permanente blyplek by ons hê.
Laat hierdie groot heerlikheid en die rykdom van die lewe met ons God tog gehoor word in ons kerke en in ons huise. Laat dit duidelik sigbaar wees wanneer ons die Woord aan mekaar bring. Laat dit duidelik hoorbaar wees in die lied wat ons sing. En laat ons, waar nodig, ons ook bekeer – duidelik die "teenoor", die antitese met die wêreldse lewenstyl handhaaf. Op hierdie weg sal die Woord van ons heerlike God *ryklik* (in sy volheid) in ons *woon* (sy volle blyplek kry).

Laat ons asseblief ook versigtig wees om so in die algemeen die argument te gebruik dat die gesange die kerke sal oorspoel en die Psalms sal verdring. Immers, dit gebeur nie by ons susterkerke in Kanada en Australië nie. Verder sien ons ook in die kerkgeskiedenis hoe dit vir baie gegaan het oor die woord wat ryklik in die gemeente moet woon.

a. So het Ambrosius (339-397 n.C.) gesange begin maak om die leer van die kerk by sy gemeentelede vas te lê. Hy is in baie opsigte die vader van ons moderne kerksang, en by hom het die gesange glad nie die Psalms verdring nie, maar juis verder gebou op die fondament wat daar reeds was.
b. Luther het baie gesange geskryf met 'n soortgelyke doel as Ambrosius, en hy het ook self altyd 'n baie sterk voorliefde vir die Psalms gehad.
c. In ons nabye geskiedenis ken ons iemand soos Hendrik Hasper. Hy is 'n Nederlandse himnoloog wat 'n enorme studie oor Calvyn en die kerklied gemaak het. Hy het hom diep beywer vir 'n goeie gereformeerde kerkboek, en daarin was 'n hele versameling van gesange. Tegelyk was hy die man wat lewenslank daaraan gewerk het om die Psalms nuut en meer getrou aan die bedoeling van die Psalm, te berym[44].

Moet ons waak teen 'n verskraling van die evangelie in ons kerke? Beslis. Hoe het Sinode 2011 hierdie saak van die gesange wat die Psalms kan verdring, benader?

Vir Sinode 2011 bly die Psalmboek steeds die fondament wat God self gelê het vir die kerklied. Maar, soos wat ons nie die Ou Testament en die Nuwe Testament in teenstelling of in kompetisie met mekaar stel nie, so doen ons dit ook nie met die Psalms aan die een kant en die Nuwe Testamentiese liedere (Skrifberymings en gesange) aan die ander kant nie. Sekere aspekte van die heil is duidelik in die Ou Testament omskryf, en hierdie temas word goed deur die Psalms gedek. Dan is daar verdere openbaring in die Nuwe Testament, en daarvoor soek ons dan liedere (Skrifberymings en gesange) wat ons kan help om daaroor te sing. Die beginsel is baie duidelik: ons gaan soek nie nuwe liedere oor die temas wat reeds duidelik deur die Psalms gedek word nie. Die gesange voeg by, en ons het doelbewus daarvoor gekies dat dit nie die Psalms vervang nie.

Sinode 2011 het dus doelbewus gekies vir veiligheidsmaatreëls. Nadat die Sinode van Pretoria 1992 die opdrag gegee dat daar "voorlopig" 50 gesange uitgesoek moes word, kon dit inderdaad beteken dat die getal gesange uitgebrei kon word.  Sinode 2011 het hierdie moontlikheid hanteer deur aan die

---

44 Jan Smelik, *Eredienswaardig* (Uitgeverij Woord en Wereld, 2009), 72.

keuse vir gesange ’n baie spesifieke doel te gee. Weereens, daar word slegs gesange gesoek oor onderwerpe wat nie duidelik gedek word deur die Psalms en Skrifberymings nie. Die vraag is dus nie wat alles goeie of Skriftuurlike gesange is nie, maar of dit ons huidige liederebundel op ’n goeie manier aanvul. Dit gaan nie oor getalle nie, maar om konkrete en aanwysbare leemtes aan te vul.

Uiteraard kan enigiets in die kerk verkeerd loop wanneer die kerk self nie waaksaam is nie, maar uit bostaande behoort duidelik te wees dat die keuse vir een gesang nie outomaties daartoe lei dat die kerke oorspoel word deur honderde gesange nie.

Hieronder bespreek ons die beswaar dat die gesange die Psalms gaan verdring in die erediens.

## Beswaar 14: Die gesange sal die sing van die Psalms verdring (gaan oor die praktyk in die liturgie)

Ons het onder die bespreking van die vorige beswaar reeds daarop gewys dat Sinode 2011 ’n werkswyse gekies het waarin ons slegs na die gesange kyk as aanvulling op leemtes in ons huidige sangbundel. Dit beteken dat die gesange temas dek wat nog nie op ’n goeie manier deur die huidige Psalms en Skrifberymings gedek word nie.

Ons hoop dat hieruit al afgelei kan word dat in die praktyk van die erediens die gesange nie maklik die sing van die Psalms sal verdring nie. In die praktyk sal die predikant immers, wanneer hy oor ’n tema preek, liedere moet soek wat by daardie tema pas. Al die temas van die Psalms is steeds daar, soos dit altyd was. Hy kry egter ook ekstra hulp om temas te dek met die Psalms waarop hy anders geen goeie liedere kon kies nie. Want weereens, ons as kerke se opdrag bly: ons moet wel oor die volheid van die heil kan sing en God kan loof, soos dit pas by ’n gemeente wat in die heerlikheid van die nuwe verbond leef.

Ja, dit sal dus inhou dat daar in sekere eredienste meer Skrifberymings en gesange gesing word, omdat die preek daardie week gaan oor iets wat nie so duidelik deur die Psalms verwoord word nie. Die tema van die liedere word immers grootliks bepaal deur die tema van die prediking. Maar in ons keuse oor watter liedere ons gaan sing oor sekere temas, het ons reeds aan die Psalms voorkeur gegee. Ons het nie vir ’n gesang gekies as die Psalms reeds duidelik oor daardie tema sing nie. Die Psalms is en bly daarin eerste keuse. Die Psalms dek die meerderheid van die aspekte van die heil waaroor ons moet sing, en dit behoort daarom ook (oor ’n langer periode se eredienste geneem) sigbaar te wees dat die gesange nie die Psalms verdring nie.

## Beswaar 15: Daar is nie duidelike kriteria waaraan die gesange getoets kan word nie

Daar is in die verlede ’n paar keer genoem dat daar nie duidelike kriteria is waaraan die gesange getoets kan word nie. Deputate het in die verlede algemene kriteria gegee, wat ook gevind kan word in die deputateverslag van 2011 (hieronder aangeheg).

Die deputateverslag van 1996 meld reeds dat daar deur die jare ook nie sulke kriteria in ons susterkerke in Australië, Kanada of Nederland was nie:

> "Uit die verslag van die Deputaten Eredienst aan die sinode van die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland word gestel dat dit onmoontlik is om kriteria vir kerkliedere te formuleer. Die rede is dat daar baie uiteenlopende soorte kerkliedere oor die afgelope 20 eeue ontstaan het. Die beoordeling van 'n kerklied is nie 'n wiskundige aangeleentheid waarvolgens 'n lied 'goed' is wanneer dit byvoorbeeld aan agt uit tien kriteria voldoen nie. Wel kan riglyne gebruik word, wat dan noodwendig breed en algemeen is."

Die Sinode van 1998 het die algemene riglyne 'n bietjie meer omskryf deur te let op die algemene riglyne van byvoorbeeld die Gereformeerde Bond in die Nederlandse Hervormde Kerk (vandag Protestantse kerk) en die Christelijke Gereformeerde Kerke. Tog het die kriteria deurentyd baie algemeen gebly.

Die afgelope jare het ons gesien dat sommige wel 'n klompie ekstra kriteria gegee het, byvoorbeeld dat die kerklied let op die gemeenskap en nie die individu nie, dat dit vebondsmatig is, dat dit antiteties is, ens.

*By kriteria is dit egter belangrik dat ons dit konsekwent kan toepas.* Soos ons weet, dit bly altyd die groot uitdaging wanneer ons kriteria of reëls opstel: om dit konsekwent toe te pas. Toegepas op ons huidige vraag oor gesange beteken dit: as ons kriteria opstel vir die gesange, dan moet die Psalms en die Skrifberymings ook daaraan voldoen. En soos u kan sien aan die sake wat ons in die paragraaf hierbo genoem het, is daar ook psalms wat nie wys op die gemeenskaplikheid van die geloof nie. Daar is ook psalms waar die antitese in die inhoud van die psalm nie direk na vore kom nie. Deur baie spesifieke kriteria te gaan opstel *vir al ons kerkliedere*, sal ons die groot verskeidenheid van liturgie en die breedte van die heil wat die kerklied moet dek, miskyk.

Ons insiens kan dit ook nie 'n probleem wees om algemene riglyne neer te lê vir die toetsing van die gesange nie.

Wat die inhoud van die gesange betref, ons het elke week die opdrag om die Woordverkondiging aan die Skrif te toets. So ook baie ander aspekte in die kerklike lewe. By die gesange doen ons dit selfs almal saam as kerke. Deur dit almal saam as kerke te doen, sit ons ekstra veiligheidsmaatreëls in plek, omdat ons verstaan dat die liedere oor 'n langer periode sal funksioneer. Maar oor die feit dat ons Woord en Gees ontvang het om ons te lei in hierdie toetsing, dit is sigbaar in baie aspekte van ons kerklike lewe.

Wat die melodie van die gesange betref, kan dit inderdaad vir die kerkraad en gewone gemeentelid moeilik wees om dit goed te beoordeel. Maar daarin het ons ook kundiges wat bereid is om te help, binne en buite ons kringe.

Wanneer ons werklik oortuig is dat ons oor die volheid van die heil in Christus moet sing, dan sal ons saam met mekaar 'n weg vind om dit te doen: toetsend aan die Skrif, en gerig op die eer van ons God.

-----------------------------------------------

Die basiese beginsels wat u hierbo lees in die beantwoording van die besware teen die gesange, sal u ook vind in die deputateverslag van 2011. Die Sinode van 2021 het ons gevra om die sinode se sig op die kerklied ook aan hierdie dokument vas te heg, as 'n oorsig oor ons as kerke se sig op ons

sangbundel. Dit wat u hieronder lees is dus ons as Vrye Gereformeerde kerke se offisiële sig op ons liedbundel.

# Criteria and Principles of the Hymnal of the Free Reformed Churches of South Africa

1. **The Hymns of the church must be faithful to Scripture**

With regard to content, form and spirit the hymns must be faithful to Scripture and our Confessions. The work of God must be central in our Hymnal, and therefore the hymn must be saturated with Scripture. When a passage of Scripture is versified and composed (typically a 'Skrifberyming'), the content and form must be faithful to the inspired Scripture text. When a hymn is not based on one specific Scripture passage, but is in accord with the message and doctrine of Scripture (Gesange/Skrifmatige lied), then it should at the very least be clear and obvious on what Scripture passages it is based. These hymns must also keep the symbolic imagery and language of Scripture itself.

2. **The hymns are (a) earmarked for the whole congregation and (b) must be of the highest standard poetically and musically.**

(a) Singing is an essential element in the congregation's answer to and proclamation of the work of God. Hymns must be understandable to the congregation, but still with a rich and profound content in order for it to be to the edification of the congregation. The secret to a hymn is therefore: Simplicity with depth.

(b) Hymns must be of a high poetical value. Good poetics is that which can say a lot with only a few words. The content of the hymn must be free of cheap sentiment and artificiality. The music of the hymns must support, further and intensify the words of the hymn. The melodies must be singable to the congregation. It must be free from complicated cadences and a wide spectrum of tonalities. Hymns to the glory of God must be a harmonious unity of powerful and quality poetics and music.

Normally with the "Criteria for the selection of Hymns" there tends to be a focus on the criteria according to which each hymn individually has to be evaluated (the criteria we mentioned above). And we can try and make this set of criteria as extensive as possible. A wide range of things have been proposed in the past, formally and informally (e.g. the hymns must sing about the collective "we" as church etc). And in fact it is possible to make pages of these characteristics of our Psalms. The problem is, you cannot evaluate each hymn to all of these characteristics. No hymn will ever qualify. But no individual Psalm will qualify either, if you test it to all of these characteristics. Therefore we decided on broad criteria for the evaluation of Hymns. But there is another road that is important for our process of acquiring hymns.

According to us, the criteria for the evaluation of an individual hymn does not say enough, and is only half of the picture. We want to call attention to a second aspect which is just as important for the selection of hymns: according to which criteria will a hymn *be considered* for evaluation? In other words, what is the character and aim of *the whole of the Hymnal* (the church's corps of all songs to sing in worship) that we hope to have one day? According to us this is implicitly part of the criteria according to which we have to look at hymns. We can't just blindly choose a few hymns just because they are scripturally sound. What have we then really gained as churches? Regulating the amount of hymns we must choose (see the instruction of the Synod), does not help us very much either. It still does not show a principled way in which we must continue this path in the future. According to what principle will our children have to make decisions on more or less hymns for our worship services? We have to be accountable, for now and for the future this is very important. Therefore, according to us it is self-evident that we also have to make decisions with regards to our Hymnal in general (the church's corps of all songs to sing in worship).

According to synod the following principles are important for the whole of our Hymnal:

1. **The Psalms form the basis of the Hymnal. New hymns that are included in the Hymnal, basically have the function to enlarge the Psalm book. It has the function to add to the Psalm book, not to replace the Psalms or to draw attention away from the Psalms.**

   The Psalms are something that has been given to the church as a Hymnal by God Himself. It contains more than only the guidelines for how our hymns of worship should be, they *are* the hymns for our worship services. Just as the Old Testament is still the beginning and basis of God's revelation to his New Testament church, so the Psalm book is still the beginning and basis of God's Hymnal to his church. Just as the substance of the covenant in the old and new dispensation has not changed, so the Psalms are today still suitable and valuable for the New Testament church.

2. **The above mentioned entails that hymns that are being added to the Psalms, will be hymns that deal with the "more" of the new covenant. Although in principle almost all God's works are already revealed in the Old Testament (and in the Psalms), it is important that the congregation must live and sing according to the riches of the new covenant. According to this principle it is not merely "acceptable" to add new hymns to the Psalms, but necessary (a practice that is also already known to us through the 'Skrifberymings').**

   The hymn especially has the purpose to remember God's great deeds. This is the reason why Scripture calls for a "new hymn" every time God does something new. If this is already applicable in the Old Testament, how much more, then, does this apply to the great deeds of God in and through his Son, Jesus Christ? The New Testament hymn clearly has direct ties to the Old Testament revelation, yet it sings of a new wealth and reality that greatly surpasses the Old Testament. In this regard the church of Christ may not live spiritually poorer than the life that God bestowed upon her! Both aspects of the hymn, as proclamation (of the Word) and as answer (to God's Word), makes the hymn on the New Testament reality necessary and indispensable.

3. **To come to a balanced Hymnal for our worship services, it is necessary that this "more" of the new covenant is translated into themes and subjects according to which hymns can be looked**

**for. Instead of evaluating all the hymns that we can possibly find, we think it will be better to look for hymns according to these specific themes and subjects, and even to encourage translations and new hymns on these subjects.**

Although it is not so easy to put together such a list of themes and subjects, we think it is necessary for this process in which we are looking for hymns on the "more" of the new covenant. On the one hand this will help to establish and keep the specific place and value that the Psalm book has in our tradition, on the other hand it will keep us focused on what we wish to achieve with the whole of our Hymnal. Instead of being flooded with hymns ("he who accepts the one hymn, cannot, with the same principles, refuse the next Scripturally sound hymn"), we can now look at what this specific hymn offers to help us sing the fullness of God's words and deeds – especially in the light of those subjects on which we have no or very little hymns. We believe that a clear and limited process like this will also help to establish peace in the churches with regard to this issue, while still living in the full riches of the New Testament.

4. **Naturally we will bring into calculation the 'Skrifberymings' we already have, when looking for hymns on the "more" of the New Testament. The 'Skrifberymings' are already part of the Hymnal. We are grateful for this and accept them for use in our churches. Themes and subjects that are already sufficiently covered by these 'Skrifberymings', do not need any extra work and attention.**

5. **The rich diversity of faith experience in the Psalms must be preserved at all cost. The Hymnal as a whole must give a balanced view of the normal Christian life, namely sin, struggle, judgment, grace, righteousness, suffering, charity, atonement, godliness etc.**

   If point 3 is taken seriously, then maybe it is not necessary to make this proposition, because the faith experience of the Psalm book will not be in question. But this issue is so important that we feel we still have to draw specific attention to it. Unfortunately we see in a lot of the new Hymnals (as well as in a lot of the hymns themselves), a one-sided focus on a one-sided form of praise. Although a hymn like that can be accepted as Scripturally sound, a Hymnal full of these hymns will most probably bring a totally new faith experience in the churches. Let us be very careful here, because the faith experience of the "Evangelicals" have dragged a lot of people away from the Reformed faith – especially through hymns and "praise and worship"! In other words, putting together a Hymnal is not about "what the congregation likes to sing", but about the path and the faith experience the Lord puts on her lips to sing.
   "*If you wish to see the holy church depicted in living colours, and given a living form, in a painting in miniature, then place the Book of Psalms in front of you*" - M Luther (Preface to the Psalms).

6. **As churches we have a strong bond with the church of Jesus Christ through the ages – also with regard to our hymns and singing. Our Hymnal must show that we have this believe and conviction by adding hymns of the church of Christ through all times and places.**

# Bylae: Voorbeelde van liedere uit die vroeë kerk

## ’n Lied van Ignatius van Antiogië (sterf 110 n.C.)

Daar is een Geneesheer,
beide vleeslik en geestelik,
gebore en nie-gebore,
in die vlees was Hy God,
in die dood (was) Hy ware lewe,
afkomstig beide uit Maria en uit God,
eers onderworpe aan lyding en daarna verhewe bo lyding,
Jesus Christus onse Here.

## ’n Deel van ’n lied van Klemens van Alexandrië (ongeveer 150-215 n.C.)

O Koning van die heiliges,
almagtige woord,
van die allerhoogste Vader,
heerser oor wysheid,
steunpilaar in smarte,
bron van ewige vreugde,
Jesus, Redder,
van die menslike geslag;
herder, ploeër,
stuur, stang,
hemelse vlerk
van die al-heilige kudde,
visserman van mense
wat gered word
uit die see van boosheid…

……..

Terwyl die babas
met hule tere mondjies
gevoed word,
en gevul word
met die vogtige Gees
uit die tepel van die Woord,
laat ons saam sing
eenvoudige liedere,
suiwer himnes
tot Christus die koning,
as heilige beloning
vir die lering wat lewe gee,
laat ons in eenvoud begelei
die magtige Seun.

Die Christuskinders
is ’n koor van vrede.
Laat ons saam besing
as ’n verstandige volk
die God van vrede.

## **‘n Deel van ’n lied van Gregorius van Nazianzus (ongeveer 329-390 n.C.)**

‘n Lewende Drie-eenheid sal ek U noem,
die een en enigste Alleenheerser,
in wese onveranderlik, sonder oorsprong,
die wese van onuitspreeklike aard,
die denke onbereikbaar vir (menslike) wysheid,
die oneindige krag van die hemele,
sonder begin, onbegrens,
die ligglans waarna ons nie kan kyk nie,
maar wat alles raaksien
en wat van geen diepte onbewus is nie,
van die aarde tot in die bodemlose put.
Vader, wees my genadig;
gee dat ek altyd
hierdie wonder mag oordink.
Verwyder my sondes,
en reinig my gewete
van alle bose gedagtes,
sodat ek die Godheid mag verheerlik
terwyl ek heilige hande ophef;
sodat ek Christus mag prys,
mag neerkniel en Hom mag smeek
om my dan as slaaf te aanvaar
wanneer Hy kom om as koning te heers.
Vader, wees my genadig,
sodat ek barmhartigheid en genade mag vind;
want aan U kom toe die heerlikheid en die dank
tot in die onmeetlike ewigheid.